THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICES: S.A... 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

Vol. 230 PRETORIA 14 JANUARY 14 JANUARIE 1987 4482

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL
(Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in on the 10th Floor, Merino Building. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

*Subscription Rates (payable in advance)*

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R21,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 50c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 40c each plus GST.

Obtainable at Room A600, Provincial Building, Pretoria 0002.

*Closing Time for Acceptance of Advertisements*

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 16h00 on the Tuesday before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

*Advertisement Rates*

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette:*

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R1,80 per centimetre. Repeats R1,20.

Subscriptions are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria 0001.

C G D GROVE
Provincial Secretary

K 5-7-2-1

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL
(Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die 10e Vloer, Merino Gebou ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

*Intekengeld (vooruitbetaalbaar)*

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R21,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 50c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 40c elk plus AVB.

Verkrygbaar by Kamer A600, Provinsiale Gebou, Pretoria 0002.

*Sluitingstyd vir Aanname van Advertensies*

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 16h00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

*Advertensietariewe*

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R1,80 per sentimeter. Herhaling — R1,20.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

C G D GROVE
Provinsiale Sekretaris

K 5-7-2-1

# Administrator's Notices

Administrator's Notice 31 14 January 1987

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO HEALTH BY-LAWS FOR CRÈCHES AND CRÈCHES-CUM-NURSERY SCHOOLS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the

# Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 31 14 Januarie 1987

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN GESONDHEIDSVERORDENINGE VIR KINDERBEWAARHUISE EN KINDERBEWAARHUISE-CUM-KLEUTERSKOLE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101

Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Health By-laws for Crèches and Crèches-Cum-Nursery Schools of the Benoni Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1273 dated 2 August 1972, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 19 for the figures "R50", "R100" and "R2" of the figures "R200", "R300" and "R10" respectively.

PB 2-4-2-25-6

van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Gesondheidsverordeninge vir Kinderbewaarhuise en Kinderbewaarhuise-Cum-Kleuterskole van die Munisipaliteit Benoni deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1273 van 2 Augustus 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 19 die syfers "R50", "R100" en "R2" onderskeidelik deur die syfers "R200", "R300" en "R10" te vervang.

PB 2-4-2-25-6

Administrator's Notice 32 14 January 1987

BRITS MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO THE KEEPING OF ANIMALS, BIRDS AND POULTRY AND BUSINESSES INVOLVING THE KEEPING OF ANIMALS, BIRDS, POULTRY OR PETS

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Brits has, in terms of section 96*bis*(2) of the said Ordinance, adopted without amendment, the Standard By-laws Relating to the Keeping of Animals, Birds and Poultry and Businesses Involving the Keeping of Animals, Birds, Poultry or Pets, published under Administrator's Notice 2208 dated 9 October 1985, as by-laws made by the said Council.

2. Sections 65 to 86 inclusive of Chapter 2 under Part IV of the Public Health By-laws of the Brits Municipality, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February 1951, are hereby deleted.

PB 2-4-2-9-10

Administrateurskennisgewing 32 14 Januarie 1987

MUNISIPALITEIT BRITS: AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE DIE AANHOU VAN DIERE, VOËLS EN PLUIMVEE EN BESIGHEDE WAT DIE AANHOU VAN DIERE, VOËLS, PLUIMVEE OF TROETELDIERE BEHELS

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Brits, die Standaardverordeninge Betreffende die Aanhou van Diere, Voëls en Pluimvee en Besighede wat die Aanhou van Diere, Voëls, Pluimvee of Troeteldiere Behels afgekondig by Administrateurskennisgewing 2208 van 9 Oktober 1985, ingevolge artikel 96*bis*(2) van genoemde Ordonnansie, sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

2. Artikels 65 tot en met 86 van Hoofstuk 2 onder Deel IV van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Brits, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, word hierby geskrap.

PB 2-4-2-9-10

Administrator's Notice 33 14 January 1987

CHRISTIANA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO POUND TARIFF

The Administrator hereby, in terms of section 164(3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 71 of the said Ordinance.

The Pound Tariff of the Christiana Municipality, published under Administrator's Notice 1595, dated 3 November 1982, is hereby amended by the substitution for subitem (1) of item 1 of the following:

"(1) For any animal or number of animals, except pigs, per km or part thereof: R1.".

PB 2-4-2-75-12

Administrateurskennisgewing 33 14 Januarie 1987

MUNISIPALITEIT CHRISTIANA: WYSIGING VAN SKUTTARIEF

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 71 van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Skuttarief van die Munisipaliteit Christiana, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1595 van 3 November 1982, word hierby gewysig deur subitem (1) van item 1 deur die volgende te vervang:

"(1) Vir enige dier of aantal diere, uitgenome varke, per km of gedeelte daarvan: R1.".

PB 2-4-2-75-12

Administrator's Notice 34 14 January 1987

DELMAS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO DOGS AND DOG LICENCES

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth herinafter.

The By-laws Relating to Dogs and Dog Licences of the Delmas Municipality, published under Administrator's Notice 2281, dated 20 December 1972, as amended, are hereby

Administrateurskennisgewing 34 14 Januarie 1987

MUNISIPALITEIT DELMAS: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE HONDE EN HONDELISENSIES

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge Betreffende Honde en Hondelisensies van die Munisipaliteit Delmas, afgekondig by Administrateurskennisgewing 2281 van 20 Desember 1972, soos gewysig

further amended by the substitution of subarticles (1), (2), (3), (4) and (5) of section 3 of the following:

"(1) For the first dog six months and above, irrespective of sex: R10.

(2) For the second dog six months and above, irrespective of sex: R15.

(3) For the third dog six months and above, irrespective of sex: R25.".

PB 2-4-2-33-53

Administrator's Notice 35 14 January 1987

## ELLISRAS MUNICIPALITY: APPOINTMENT OF DELIMITATION COMMISSION

### CORRECTION NOTICE

Administrator's Notice 2312, dated 10 December 1986, is hereby corrected by the substitution in paragraph (1) for the expression "Mr E Louw" of the expression "Mr E Naudé".

PB 3-6-2-2-152

Administrator's Notice 36 14 January 1987

## GERMISTON MUNICIPALITY: FOOD-VENDING BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereafter.

"FOOD-VENDING BY-LAWS

INDEX

Article 1. Definitions
2. Scope of By-laws

PART 1: FOOD-DISPENSING MACHINES

3. Approval
4. Cleaning
5. Storage and handling of food
6. Inspection of food-dispensing machines
7. Sale of beverages in sealed containers from mechanical coolers

PART 2: FOOD-VENDORS

8. Categories of foodstuffs
9. General requirements for vehicles
10. General requirements for premises
11. General requirements for foodstuffs
12. Additional requirements: Food category A
13. Additional requirements: Food category B
14. Additional requirements: Food category C
15. Additional requirements: Food category D

word hierby verder gewysig deur subartikels (1), (2), (3), (4) en (5) van artikel 3 deur die volgende te vervang:

"(1) Vir die eerste hond bo ses maande, ongeag die geslag: R10.

(2) Vir die tweede hond bo ses maande, ongeag die geslag: R15.

(3) Vir die derde hond bo ses maande, ongeag die geslag: R25.".

PB 2-4-2-33-53

Administrateurskennisgewing 35 14 Januarie 1987

## MUNISIPALITEIT ELLISRAS: AANSTELLING VAN AFBAKENINGSKOMMISSIE

### KENNISGEWING VAN VERBETERING

Administrateurskennisgewing 2312 gedateer 10 Desember 1986 word hierby verbeter deur in paragraaf (1) die uitdrukking "Mnr E Louw" deur die uitdrukking "Mnr E Naudé" te vervang.

PB 3-6-2-2-152

Administrateurskennisgewing 36 14 Januarie 1987

## MUNISIPALITEIT GERMISTON: VOEDSELSMOUSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

INHOUDSOPGAWE

Artikel 1. Woordomskrywing.
2. Bestek van Verordeninge.

DEEL 1: VOEDSELOUTOMATE

3. Goedkeuring.
4. Skoonmaak.
5. Opberging en Hantering van Voedsel.
6. Ondersoek van Voedseloutomate.
7. Verkoop van drank in verseëlde houers vanuit meganiese verkoelers.

DEEL 2: VOEDSELSMOUSE

8. Kategorieë van Voedsel.
9. Algemene Vereistes vir Voertuie.
10. Algemene Vereistes vir Persele.
11. Algemene Vereistes ten opsigte van Voedsel.
12. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie A.
13. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie B.
14. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie C.
15. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie D.

## PART 3: GENERAL PROVISIONS AND PENALTIES

16. General
17. Inspection
18 Obstruction
19. Offences and penalties

*Definitions*

1. For the purpose of these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"approved", "adequate", "food" and "foodstuffs" shall bear the respective meanings assigned to them in the Council's Food-Handling By-laws, adopted by the Council under Administrator's Notice 316 of 21 February 1973, as amended;

"Council" means the City Council of Germiston, that Council's Management Committee acting under the powers delegated to it in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Election), Ordinance 1960, and any officer to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of subsection (3) of the said section to delegate and has in fact delegated, the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

"controller" means the person or group of persons who exercise the actual control over the supply of foodstuffs or refreshments from a food dispensing machine or a mechanical cooler;

"factory packed foodstuffs" means any foodstuff which was prepared, manufactured and packed on premises licensed for the applicable commodity in terms of the Licence Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974);

"food dispensing machine" means any coin-operated or other automatic machine or device from which food is delivered or made available directly to the consumer;

"food vendor" means any hawker or pedlar or any other person who, whether as principal, agent or employee, sells or supplies or offers or exposes for sale any article of food elsewhere than on fixed premises;

"frozen sugar confectionery" means and includes water ices, water suckers and any similar commodity made of water, sweetening ingredients, stabilisers, flavouring substances and colouring matter with or without the addition of fruit or fruit juices;

"hot dog" means a sandwich consisting of a sausage in a split, sliced or pierced bread roll;

"ice cream" and "sherbet" shall bear the respective meanings assigned to them in the regulations made in terms of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972);

"medical officer of health" shall bear the meaning as defined in the Standard Food-Handling By-laws;

"premises" means premises as defined in the Council's Food-Handling By-laws but shall not include a vehicle, structure, tray or receptacle or any other means by which a vendor may vend in terms of these by-laws;

"required" means required in the opinion of the medical officer of health, regard being had to the reasonable public health requirements of the particular case;

"sandwich" means one or more slices of bread or a split bread roll, whether toasted or otherwise, with a layer of other food placed on or between them;

"vehicle" means any vehicle or conveyance, whether mechanically driven or not, on or in which foodstuffs are conveyed and includes any receptacle or container which is carried or pushed;

## DEEL 3: ALGEMENE BEPALINGS EN STRAWWE

16. Algemeen.
17. Ondersoek.
18. Dwarsboming.
19. Misdrywe en strawwe.

*Woordomskrywing*

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken —

"beheerder" die persoon of liggaam van persone wat die werklike beheer oor die verskaffing van voedsel of verversings vanuit 'n voedseloutomaat of 'n meganiese koeltoestel uitoefen;

"bevrore suikergoed" yslekkers, yssuiglekkers en enige soortgelyke handelsartikel wat gemaak is van water, soetmaakmiddels, stabiliseringsmiddels, geursel en kleurstowwe, hetsy met of sonder vrugte of vrugtesap;

"fabrieksverpakte voedsel" is voedsel wat voorberei, vervaardig en verpak is op 'n perseel wat oor 'n toepaslike voedselvervaardigerslisensie, soos omskryf in die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), beskik;

"goedgekeur", "toereikend", "voedsel" en "voedingsmiddel" soos omskryf in die Raad se Voedselhanteringsverordeninge, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 316 van 21 Februarie 1973;

"mediese gesondheidsbeampte" soos omskryf in die Raad se Voedselhanteringsverordeninge;

"perseel" soos omskryf in die Raad se Voedselhanteringsverordeninge, maar dit omvat nie 'n voertuig, struktuur, drawinkeltjie of houer of enigiets anders waaruit of vanwaar 'n voedselsmous kragtens hierdie verordeninge, kan smous nie;

"Raad" die Stadsraad van Germiston, dié Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beampte aan wie die Bestuurskomitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel op gesag van die Raad die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan delegeer, en dit inderdaad gedelegeer het;

"roomys" en "sorbet" soos omskryf in die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972);

"smous" of "voedselsmous" 'n persoon wat ingevolge die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), 'n smouslisensie besit om voedsel of voedingsmiddels te verkoop, of te verruil, of vir verkoop of ruil aan te bied of uit te stal;

"toebroodjie" een of meer snye brood, 'n middeldeurgesnyde broodrolletjie, hetsy gerooster al dan nie, met 'n laag ander voedsel daarop of daartussen;

"vereis", vereis na die mening van die mediese gesondheidsbeampte, met inagneming van die redelike openbare gesondheidsvereistes in die besondere geval;

"voedseloutomaat" enige muntoutomaat of ander outomatiese masjien of toestel waardeur voedsel regstreeks aan die verbruiker gelewer of beskikbaar gestel word;

"voedselsmous" 'n marskramer of 'n venter of iemand wat, hetsy as prinsipaal, agent of werknemer enige voedingsmiddel verkoop of voorsien, of dit te koop aanbied of uitstal, uitgesonderd in of op 'n vaste perseel;

"vend" means to sell, offer or expose for sale any article of food elsewhere than on fixed premises, and vending shall have the corresponding meaning.

*Scope of By-laws*

2. Notwithstanding anything to the contrary in the Council's Food-Handling By-laws, food may be stored and dispensed by a food-dispensing machine, and stored and sold by a vendor, as the case may be, as hereinafter provided. The provisions of these by-laws shall be considered as supplementary to the Council's Food-Handling By-laws and the Public Health By-laws and do not derogate any part thereof.

PART 1: FOOD-DISPENSING MACHINES

*Approval*

3. No person shall operate a food-dispensing machine unless —

(a) it is approved and dust-proof; and

(b) it is positioned in an approved location.

*Cleaning*

4. The controller of a food-dispensing or ice cream machine shall ensure that —

(a) it is maintained in a clean and vermin-free condition;

(b) it is cleaned only by means of approved methods and equipment;

(c) no unauthorized person may open, adjust, repair, service, or in any way tamper with it; and

(d) the ice cream dispensing machine is thoroughly cleaned prior to every filling thereof.

*Storage and Handling of Foodstuffs*

5. The controller of a food-dispensing machine shall ensure that —

(a) all containers provided for the consumption of foodstuffs shall prior to their use be —

(i) stored inside the machine and automatically discharged therefrom on demand; or

(ii) stored inside a dust- and vermin-proof dispensing container to which only the controller has access;

(b) only clean unused containers are inserted in the food-dispensing machine or dispensing container;

(c) an approved refuse receptacle is provided next to each food-dispensing machine;

(d) no food other than food manufactured or prepared and packed in approved and licenced premises is inserted in or sold from a food-dispensing machine;

(e) all perishable food is maintained inside and dispensed from the food-dispensing machine at a temperature not exceeding 10°C or such lower temperature as may be required in the case of food intended to be sold cold and not less than 65°C in the case of food intended to be sold hot;

"voertuig" enige vervoermiddel waarin of waarop voedsel vervoer word, hetsy so 'n voertuig meganies aangedryf word al dan nie, en sluit houers wat rondgedra of gestoot word in;

"worsbroodjie" 'n toebroodjie wat bestaan uit 'n worsie in 'n oop- of middeldeurgesnyde of 'n deurgesteekte broodrolletjie;

*Bestek van Verordeninge*

2. Ondanks andersluidende bepalings van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge, kan voedsel, soos hierna bepaal, in 'n voedseloutomaat opgeberg, of deur middel daarvan gelewer word, en deur 'n voedselsmous opgeberg en verkoop word, na gelang van die geval. Die bepalings van hierdie verordeninge word vertolk as synde aanvullend tot die Raad se Voedselhanteringsverordeninge en Publieke Gesondheidsverordeninge en doen nie afbreuk daaraan nie.

DEEL 1: VOEDSELOUTOMATE

*Goedkeuring*

3. Niemand mag 'n voedseloutomaat bedryf nie tensy —

(a) dit goedgekeur en stofdig is; en

(b) die plek waarop dit bedryf gaan word, goedgekeur is.

*Skoonmaak*

4. Die beheerder van 'n voedseloutomaat of roomysmasjien moet toesien dat —

(a) die voedseloutomaat of roomysmasjien te alle tye skoon en ongediertevry is;

(b) die voedseloutomaat en roomysmasjien slegs op sodanige wyse en met sodanige toerusting as wat goedgekeur word, skoongemaak word;

(c) geen ongemagtigde persoon 'n voedseloutomaat of roomysmasjien oopmaak, verstel, herstel, diens of op enige wyse daarmee peuter nie; en

(d) die roomysmasjien voor elke vulling behoorlik skoongemaak word.

*Opberging en Hantering van Voedsel*

5. Die beheerder van 'n voedseloutomaat moet toesien dat —

(a) alle houers wat vir die verbruik van voedsel verskaf word, voordat dit gebruik word —

(i) binne-in die voedseloutomaat opgeberg en outomaties daaruit voorsien word; of

(ii) in 'n stof en ongediertevrye leweringshouer waartoe slegs die beheerder toegang het, opgeberg word;

(b) slegs skoon en ongebruikte houers in die voedseloutomaat of leweringshouer geplaas word;

(c) 'n goedgekeurde afvalblik langs elke voedseloutomaat geplaas word;

(d) slegs voedsel wat in 'n goedgekeurde en gelisensieerde perseel vervaardig of voorberei en verpak is in 'n voedseloutomaat geplaas en deur middel van so 'n voedseloutomaat verkoop word;

(e) alle bederfbare voedsel, teen hoogstens 10°C of sodanige laer temperatuur wat vereis mag word in die geval van voedsel wat bedoel is om koud verkoop te word en teen laagstens 65°C in die geval van voedsel wat bedoel is om warm verkoop te word, in die voedseloutomaat gehou en daaruit bedien word;

(f) each food-dispensing machine is fitted with an apparatus which indicates the prevailing temperature and records such temperature inside the compartment containing the foodstuffs;

(g) each container or package in which food is dispensed from a food dispensing machine —

(i) is properly sealed by the manufacturer and delivered in such sealed form to the consumer; and

(ii) his name and address is inscribed in clearly legible and indelible letters in a conspicuous place on the exterior of the food-dispensing machine;

(h) all food inserted in the food-dispensing machine is inserted in such a manner that it can be delivered or made available therefrom only after the stock already therein has been exhausted;

(i) whenever the cooling mechanism of the food-dispensing machine has remained inoperative for a continuous period of four hours or longer, all perishable food stored therein, during such period, is removed therefrom and destroyed;

(j) the food-dispensing machine bears his name and address in a conspicuous place on its exterior, inscribed with durable material in clearly legible letters.

*Inspection of Food-Dispensing Machine*

6. (1) The controller shall at the request of the medical officer of health open the food-dispensing machine for inspection and sampling purposes.

(2) If the medical officer of health has reason to believe that any food supplied by the food-dispensing machine is not fit for human consumption, or that such machine is defective, he may prohibit the use thereof.

(3) The controller of a food-dispensing machine of which the use has been prohibited in terms of subsection (2), shall not use such machine until the medical officer of health has been satisfied that the food supplied therefrom will be fit for human consumption and that such machine is in proper working condition.

*Sale of Beverages in Sealded Containers from Mechanical Coolers*

7. The controller of a cooler from which beverages in sealed containers are sold, shall ensure that —

(a) such a cooler is of an approved type; and

(b) an approved refuse receptacle is provided adjacent to each cooling machine.

PART 2: FOOD-VENDORS

*Categories of Foodstuffs*

8. (1) For the purposes of this part, food vended shall be divided into the following categories:

(a) CATEGORY A

Fruit and Vegetables

(b) CATEGORY B

Factory packed ice cream, cherbet, frozen sugar confectionery, milk and milk products, fruit juices and other beverages that require refrigeration.

(c) CATEGORY C

Factory packed sweets, nuts, biltong, sweet- and salty snacks, dainties, beverages which can be stored at room temperature, candy floss and pop corn.

(f) elke voedseloutomaat voorsien is van 'n apparaat waarmee die heersende temperatuur binne in die kompartement waarin voedsel gehou word, aangedui en geregistreer word;

(g) elke houer of verpakking waarin voedsel deur middel van 'n voedseloutomaat voorsien word —

(i) behoorlik verseël is deur die vervaardiger en in sodanige verseëlde vorm aan die verbruiker bedien word; en

(ii) die naam en adres van die vervaardiger of verskaffer daarvan asook besonderhede van die inhoud daarvan duidelik leesbaar daarop aangegee word;

(h) alle voedsel wat in die voedseloutomaat geplaas word op so 'n wyse daarin geplaas word dat dit eers daaruit gelewer of beskikbaar gestel kan word nadat die voorraad wat reeds daarin is uitgeput is;

(i) indien die verkoelingsmeganisme van 'n voedseloutomaat vir 'n aaneenlopende tydperk van vier uur of langer buite werking was, alle bederfbare voedsel wat gedurende daardie tydperk in sodanige voedseloutomaat is, daaruit verwyder en vernietig word;

(j) sy naam en adres duidelik leesbaar, onuitwisbaar en op 'n opsigtelike plek aan die buitekant van die voedseloutomaat aangebring is.

*Ondersoek van Voedseloutomate*

6. (1) Die beheerder moet op versoek van die mediese gesondheidsbeampte 'n voedseloutomaat oopmaak vir ondersoek en die neem van monsters.

(2) Die mediese gesondheidsbeampte kan die gebruik van 'n voedseloutomaat belet indien hy van mening is dat die voedsel wat daaruit voorsien word nie geskik is vir menslike verbruik nie of as sodanige outomaat defektief is.

(3) Die beheerder van 'n voedseloutomaat waarvan die gebruik ingevolge subartikel (2) belet is, mag sodanige voedseloutomaat nie gebruik nie totdat die mediese gesondheidsbeampte tevrede gestel is dat die voedsel wat daaruit voorsien sal word wel geskik is vir menslike verbruik of dat sodanige outomaat in 'n behoorlike werkende toestand is.

*Verkoop van Drank in Verseëlde Houers vanuit Meganiese Verkoelers*

7. Die beheerder van 'n verkoeler waaruit drank in verseëlde houers verkoop word, moet toesien dat —

(a) sodanige verkoeler van 'n goedgekeurde tipe is;

(b) 'n goedgekeurde afvalblik langs elke verkoeler verskaf word.

DEEL 2: VOEDSELSMOUSE

*Kategorieë van Voedsel*

8. (1) Vir doeleindes van hierdie deel, word voedsel waarmee gesmous word in die volgende kategorieë ingedeel:

(a) KATEGORIE A.

Vrugte en Groente.

(b) KATEGORIE B.

Fabrieksverpakte roomys, sorbet, bevrore suikergoed, melk en melkprodukte, vrugtesappe en ander koeldrank wat verkoel moet word.

(c) KATEGORIE C.

Fabrieksverpakte lekkers, neute, biltong, soet en sout happies, snoeperye, koeldrank wat teen kamertemperatuur geberg kan word, suikerdons en springmielies.

(d) CATEGORY D

Pre-cooked sausages, ready for consumption at the time of sale without further preparation: Provided that such sausages may be further prepared only by immersion in hot water.

Wrapped pre-cooked meat pies, ready for immediate consumption.

Wrapped bread rolls, hot dogs and sandwiches.

Boiled eggs in their shells.

Tea, coffee and other pre-packed beverages.

Any other approved food.

(2) No person shall vend any other food than specified in subsection (1) unless approved by the medical officer of health.

*General Requirements for Vehicles*

9.(1) No person shall vend foodstuffs from any vehicle unless such vehicle is specifically approved for the vending of such food.

(2) The owner shall annually obtain a permit from the health department for each vehicle, tray, bicycle, container or any other article used in the vending of food and shall affix the number of such permit to the article concerned.

(3) A vehicle, tray or any other container shall not be used for any purpose other than that for which it was approved.

(4) Each vehicle, tray or other container shall be so constructed that no liquid can drain therefrom onto the road or ground surface.

(5) All equipment, accessories, utensils and appliances used for or in connection with the vending of food shall be of an approved type and construction.

(6) Each vehicle, tray or other container used for or in connection with the vending of food shall be maintained in a clean and sanitary condition.

(7) The name and address of the food-vendor in whose name food is vended and the name of his licensed premises shall be displayed in clearly legible non-erasible letters in a conspicuous place on the vehicle, tray or other container.

(8) The vending of food from a vehicle, tray or any other container shall only take place in an area where toilet facilities are freely available.

*General Requirements for Premises*

10.(1) The medical officer of health may for the vending of any category food require the food-vendor to provide fixed premises on which all utensils, equipment, food or related goods are prepared, kept or cleaned in which event such premises shall comply with the provisions of section 2 of the Council's Food-Handling By-laws.

(2)(a) For each vehicle approved for the vending of food excluding cycles and containers which can be carried or pushed, the food-vendor shall provide a fixed parking area where such vehicle can be parked.

(b) A covered wash bay provided with an impervious floor urface, graded and drained to a gully connected to the Council's sewerage system in accordance with the Drainage By-laws, shall be provided for the washing and cleaning of the vehicles.

(d) KATEGORIE D.

Gaar worsies gereed vir verbruik wanneer dit verkoop word, sonder dat enige verdere bereiding nodig is: Met dien verstande dat sodanige worsies verder berei kan word slegs deur dit in warm water te plaas;

Toegedraaide gaar vleispasteitjies, gereed vir onmiddellike verbruik.

Toegedraaide broodrolletjies, worsbroodjies en toebroodjies.

Onafgedopte gekookte eiers.

Tee, koffie en ander voorafverpakte drank.

Enige ander goedgekeurde voedsel.

(2) Niemand mag met enige ander voedsel as wat in subartikel (1) gespesifiseer word, smous nie, tensy dit deur die mediese gesondheidsbeampte goedgekeur is nie.

*Algemene Vereistes vir Voertuie*

9. (1) Niemand mag voedsel vanaf of vanuit 'n voertuig smous nie, tensy sodanige voertuig spesifiek goedgekeur is vir die smous van sodanige voedsel.

(2) Die eienaar moet jaarliks vir elke voertuig, drawinkeltjie, fiets, houer of enige tipe artikel wat gebruik word vir die smous van voedsel 'n permit bekom van die gesondheidsdepartement en moet die nommer van die permit op sodanige voertuig, drawinkeltjie, fiets of houer of enige tipe artikel aanbring.

(3) 'n Voertuig, drawinkeltjie of ander houer mag vir geen ander doel as waarvoor dit goedgekeur is, gebruik word nie.

(4) Elke voertuig, drawinkeltjie of ander houer moet sodanig gemaak wees en onderhou word dat geen vloeistof daaruit op die straat of grond sal uitloop nie.

(5) Alle toerusting, toebehore, gerei of toestelle wat saam met of in verband met die smous van voedsel gebruik word, moet van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(6) Elke voertuig, drawinkeltjie of ander houer wat vir of in verband met die smous van voedsel gebruik word, moet te alle tye in 'n skoon en sanitêre toestand wees.

(7) Die naam en adres van die smous namens wie gesmous word en naam van sy gelisensieerde perseel moet duidelik leesbaar en onuitwisbaar op 'n opsigtelike plek op die voertuig, drawinkeltjie of ander houer aangebring word.

(8) Die smous van voedsel vanaf 'n voertuig, drawinkeltjie of ander houer mag slegs plaasvind in 'n area waar toegang tot sanitêre geriewe geredelik beskikbaar is.

*Algemene Vereistes vir Persele*

10. (1) Die mediese gesondheidsbeampte kan vir die smous van enige kategorie voedsel vereis dat die voedselsmous 'n vaste perseel moet verskaf waarop gerei, toerusting, voedsel of ander materiaal voorberei, opgeberg of skoongemaak word, in welke geval sodanige perseel aan die bepalings van artikel 2 van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge moet voldoen.

(2) (a) Vir elke voertuig wat vir die smous van voedsel goedgekeur is, met die uitsondering van fietse en houers wat rondgedra en gestoot word, moet die smous 'n vaste parkeervlak voorsien waar sodanige voertuig parkeer kan word.

(b) 'n Oordekte wasplek met 'n waterdigte vloeroppervlakte, wat dreineer na 'n rioolput wat aan die Raad se rioolstelsel gekoppel is, in ooreenstemming met die Rioleringsverordeninge moet vir die was en skoonmaak van voertuie voorsien word.

(3) Approved facilities for the storage and cleaning of trays or any other containers used in the vending of food shall be provided.

(4) A vehicle, tray or any other container approved for the vending of food and all equipment, accessories, utensils and appliances referred to in subsection (1), shall not be stored or cleaned on any premises other than those referred to in subsections (2) and (3).

(5) Every food vendor shall at all times have under his sole and absolute control an approved store-room with a floor area of 16 $m^2$ with a horizontal dimension of not less than 3 m: Provided that the medical officer of health may require or permit a larger or smaller store-room.

(a) A wash-hand basin with a potable supply of hot and cold running water laid on thereto shall be provided in the store-room.

(b) Paper-towels and germicidal liquid soap in approved dispensers shall be provided at such wash-hand basin.

(c) Separate approved metal lockers shall be provided for each employee in the store-room.

(d) The provisions of section 9(7) shall apply *mutatis mutandis* to such store-room.

*General Requirements Concerning Foodstuffs*

11.(1) A food-vendor shall only vend food prepared on licensed premises: Provided that this requirement shall not apply to the vending of eggs, fruit and vegetables or such other foodstuffs as may specifically be approved by the medical officer of health on application.

(2) No food-vendor shall vend food which is required to be packed or wrapped in terms of the provisions of section 8(1), unless —

(a) such food is completely and separately wrapped by the manufacturer or preparer in the portions in which it is to be sold;

(b) such wrapping is intact;

(c) the name and address of the manufacturer or preparer thereof is stated clearly on such wrapping and, in the case of foodstuffs in category D, also the nature of the contents and the date of manufacture thereof. This requirements shall not be applicable where food is prepared and wrapped in front of the consumer.

(3) All perishable food that requires refrigeration shall be maintained at a temperature not exceeding 10°C, or such lower temperature as may be required, and not less than 65°C in the case of food to be heated.

(4) Every vendor and person engaged in the handling of foodstuffs shall at all times wear clean and sound overalls of a light and plain coloured washable material with sleeves of at least albow length whilst on duty.

(5) Over and above the foregoing requirements, every person vending food shall —

(a) at all times provide an approved refuse receptable at any place where he conducts his business; and

(b) maintain the area immediately surrounding and within a reasonable distance of his vehicle, clean and free from litter and ensure that such area is clean when he departs therefrom.

(3) Goedgekeurde fasiliteite moet vir die opberg en skoonmaak van drawinkeltjies of ander houers gebruik vir die smous van voedsel voorsien word.

(4) 'n Voertuig; drawinkeltjie of ander houer wat vir die smous van voedsel goedgekeur is en alle toerusting, toebehore, gerei of toestelle bedoel in subartikel (1) mag op geen ander plek as dié bedoel in subartikels (2) en (3) opgeberg of skoongemaak word nie.

(5) Elke voedselsmous moet te alle tye 'n goedgekeurde pakkamer met 'n vloeroppervlakte van minstens 16 $m^2$ met 'n horisontale afmeting van minstens 3 m hê waaroor hy alleen die absolute beheer het: Met dien verstande dat die mediese gesondheidsbeampte 'n groter of kleiner pakkamer kan vereis of toelaat.

(a) 'n Handewasbak voorsien van 'n skoon voorraad van warm en koue lopende water moet in die pakkamer voorsien word.

(b) Papierhanddoeke en kiemdodende vloeibare seep in goedgekeurde houers moet by sodanige handewasbak voorsien word.

(c) Afsonderlike goedgekeurde metaal sluitkaste moet vir elke werknemer voorsien word.

(d) Die bepalings van artikel 9(7) is *mutatis mutandis* op sodanige pakkamer van toepassing.

*Algemene Vereistes ten Opsigte van Voedsel*

11. (1) 'n Voedselsmous mag slegs met voedsel wat op 'n gelisensieerde perseel voorberei is smous: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie op die smous van eiers, groente of vrugte of sodanige ander voedsel as wat die mediese gesondheidsbeampte op aansoek spesifiek kan goedkeur nie.

(2) Geen voedselsmous mag met enige voedsel smous wat ingevolge die bepalings van artikel 8(1) verpak of toegedraai moet wees nie, tensy —

(a) sodanige voedsel heeltemal en afsonderlik deur die vervaardiger of bereider in die porsies waarin dit verkoop word, toegedraai of verpak is;

(b) sodanige omhulsel heel is;

(c) die naam en adres van die vervaardiger of bereider op sodanige hulsel verskyn en, in die geval van voedsel in Kategorie D, ook die inhoud en datum van vervaardiging. Hierdie bepaling is nie van toepassing op voedsel wat ten aanskoue van die verbruiker berei en toegedraai word nie.

(3) Alle bederfbare voedsel wat koud gehou moet word sal teen hoogstens 10°C of sodanige laer temperatuur as wat vereis mag word, gehou word, en voedsel wat warm gehou moet word teen laagstens 65°C.

(4) Elke voedselsmous en persone betrokke by die hantering van voedselware, moet te alle tye terwyl hulle aan diens is skoon en heel beskermende oorklere van 'n lig- en effekleurige wasbare materiaal met moue van minstens elmbooglengte dra.

(5) Bo en behalwe die bogenoemde bepalings, moet enige persoon wat met voedsel smous ook —

(a) te alle tye 'n goedgekeurde vullishouer verskaf op enige plek waar hy sy besigheid bedryf; en

(b) die ruimte onmiddellik om sy voertuig tot binne 'n redelike afstand skoon en rommelvry hou en moet hy toesien dat sodanige gebied skoon is wanneer hy dit verlaat.

*Additional Requirements: Food Category A*

12.(1) Notwithstanding any other provision in these by-laws contained, no person shall vend food as described in subsection 8(1)(a) Food category A, other than from an approved vehicle and shall further comply with the following additional requirements:

(a) The loading area shall be manufactured from metal or other approved durable material.

(b) All display shelves shall be manufactured of metal or other approved impermeable material and shall be so installed or arranged as to allow adequate access thereto for cleaning purposes.

(2) No product shall be displayed elsewhere than in the loading area of the vehicle: Provided that door to door sales from a vehicle may, with approval, be exempted from this requirement.

*Additional Requirements: Food Category B*

13.(1) Notwithstanding any other provisions in these by-laws contained, no person shall vend food as described in subsection 8(1)(b) Food category B, other than from an approved vehicle and shall further comply with the following additional requirements:

(a) Vehicle:

The internal walls, floor and roof of the loading area shall be of an approved, impermeable, washable and durable material.

(b) Containers and equipment:

(i) All containers shall be manufactured of a dustproof impermeable material and shall be of an approved type and construction.

(ii) The internal surfaces of each container shall have a smooth and durable finish. All joints shall be properly sealed and the corners coved to ensure easy cleaning thereof.

(2) Only factory wrapped and packed food in the intact wrapping or container in which it was enclosed by the manufacturer shall be offered for sale.

(3) All ice cream, sherbet, frozen sugar confectionery and similar foodstuffs shall, once it has defrosted, be destroyed and shall not be refrozen or offered for sale.

(4) Each food-vendor vending food in category B shall at times have a licenced business premises which comply the following:

(a) Section 2 of the Council's Food-Handling By-laws and Regulation R2795 in terms of the Health Act, 1977 (Act 63 of 1977).

(b) Adequate approved refrigeration and freezing facilities shall be provided.

(c) Should the medical officer of health so require, a separate approved workshop and storage facility for bicycles and spares shall be provided.

*Additional Requirements: Food Category C*

14.(1) Notwithstanding any other provisions in these by-laws contained, no person shall vend food as described in section 8(1)(c) Food category C, other than from an approved vehicle and shall further comply with the following additional requirements:

(a) Vehicle:

The internal walls, floor and roof of the loading area shall

*Bykomende Vereistes: Voedselkategorie A*

12. (1) Ondanks enige ander bepaling in hierdie verordeninge vervat, mag niemand met voedsel smous soos omskryf in artikel 8(1)(a) Voedselkategorie A nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Die laairuim moet van metaal of ander goedgekeurde duursame materiaal vervaardig wees.

(b) Alle uitstalrakke moet van metaal of ander goedgekeurde ondeurdringbare materiaal vervaardig wees en moet op so 'n wyse geïnstalleer of gerangskik wees dat dit vrye toegang laat vir skoonmaakdoeleindes.

(2) Geen produk mag op 'n ander plek as in die laairuim van die voertuig uitgestal word nie: Met dien verstande dat *deur tot deur verkoping vanaf die voertuig*, met goedkeuring, van hierdie bepaling vrygestel kan word.

*Bykomende Vereistes: Voedselkategorie B*

13. (1) Ondanks enige ander bepaling in hierdie verordeninge vervat mag niemand met voedsel smous soos omskryf in artikel 8(1)(b) Voedselkategorie B nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Voertuig:

Die binnewande, vloer en dak van die laairuimte moet van 'n goedgekeurde, ondeurdringbare, wasbare en duursame materiaal wees.

(b) Houers en Toerusting:

(i) Alle houers moet van 'n stofdigte ondeurdringbare materiaal vervaardig wees en van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(ii) Die binnewande van elke houer moet glad en duursaam afgewerk wees. alle nate en voeë moet behoorlik verseël wees en hoeke moet rond afgewerk wees sodat dit maklik skoongemaak kan word.

(2) Alleenlik fabriekstoegedraaide en -verpakte voedselprodukte in ongeskonde houers, waarin dit deur die vervaardigers daarvan verpak is, mag verkoop word.

(3) Alle roomys, sorbet, bevrore suikergoed of soortgelyke voedsel moet, nadat dit gesmelt het, vernietig word en mag nie herbevries of verkoop word nie.

(4) Elke smous wat met Kategorie B voedsel smous moet te alle tye oor 'n gelisensieerde besigheidsperseel beskik wat aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Artikel 2 van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge en die bepalings van Regulasie R2795 kragtens die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977).

(b) Voldoende goedgekeurde verkoeling en vriesfasiliteite moet voorsien word.

(c) Indien die mediese gesondheidsbeampte dit sou vereis, moet 'n aparte goedgekeurde werkswinkel en opberggeriewe vir fietse en onderdele voorsien word.

*Bykomende Vereistes: Voeselkategorie C*

14. (1) Ondanks enige ander bepaling in hierdie verordeninge vervat, mag niemand met voedsel smous soos omskrywe in artikel 8(1)(c) Voedselkategorie C nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig, en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Voertuig:

Die binnewande, vloer en dak van die laairuimte moet met

be of an approved smoothly finished impermeable, washable and durable material.

(b) Containers and trays:

(i) All containers and trays shall be manufactured of a durable impermeable material and shall be of an approved type and construction.

(ii) The internal surfaces shall have a smooth finish with all seams and joints properly sealed and all corners coved to simplify the cleaning thereof.

(2) Only factory wrapped and -packed food in the intact wrapping or container in which it was packed by the manufacturer, shall be supplied, offered for sale or sold to the consumer.

(3) The vending of pop corn and candy floss shall be subject to the approval of the medical officer of health.

*Additional Requirements: Food Category D*

15.(1) Notwithstanding any other provisions in these by-laws contained, no person shall vend food as described in section 8(1)(d) Food category D, other than from an approved vehicle and shall further comply with the following additional requirements:

(a) The driver's cab shall be completely separated from the loading area.

(b) The internal walls, floor and ceiling of the loading area shall be of an approved impermeable, smoothly finished and washable material.

(c) All surfaces with which food, whether wrapped or unwrapped, may come in contact with shall be of stainless steel or other similar approved durable material.

(d) All seams and joints shall be properly sealed and smoothly finished.

(e) The interior of the loading area shall be so designed and all equipment so installed that all surfaces may be easily cleaned.

(f) Separate washing facilities, for the cleaning of utensils and the washing of hands respectively, shall be provided on the vehicle with hot and cold running water laid on thereto and connected to an approved waste water disposal system.

(g) Paper towels and germicidal liquid soap in approved dispensers shall be provided at the wash-hand basin.

(h) Whenever unwrapped foodstuffs are handled on a vehicle, such vehicle shall be so designed and constructed that —

(i) no contact between the public and the food being prepared or the preparer thereof shall be possible;

(ii) at least 0,8 m$^2$ of unrestricted floor space per person shall be available on the vehicle;

(iii) the floor to ceiling height is a minimum of 2 m;

(iv) the ceiling is insulated in an approved manner; and

(v) adequate ventilation is provided.

(2)(a) All beverages shall be sold from an approved dispenser and served in approved non-returnable containers, or in sealed containers filled at duly licensed premises.

(b) Should sugar or milk not be initially added to the beverage, it shall be provided in separate factory packed portions.

'n goedgekeurde ondeurdringbare, wasbare materiaal afgewerk wees.

(b) Houers en drawinkeltjies:

(i) Alle houers en drawinkeltjies moet van 'n ondeurdringbare materiaal vervaardig wees en van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(ii) Die binnewande moet glad afgewerk wees met alle nate en voeë behoorlik verseël, en die hoeke moet rond afgewerk wees om skoonmaak te vergemaklik.

(2) Slegs fabriekstoegedraaide en -verpakte voedselprodukte in ongeskonde houers, waarin dit deur die vervaardiger verpak is mag verskaf, te koop aangebied of aan die verbruiker verkoop word.

(3) Die verkoop van springmielies en suikerdons is onderhewig aan die goedkeuring van die mediese gesondheidsbeampte.

*Bykomende Vereistes: Voedselkategorie D*

15. (1) Ondanks enige ander bepaling in hierdie verordenine vervat, mag niemand met voedsel smous soos omskryf in artikel 8(1)(d) Voedselkategorie D nie, bebalwe met 'n goedgekeurde voertuig en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Die bestuurskajuit moet heeltemal van die laairuimte geskei wees.

(b) Die binnewande, vloer en plafon van die laairuimte moet van 'n goedgekeurde ondeurdringbare, glad afgewerkte en wasbare materiaal wees.

(c) Alle oppervlaktes waarmee voedsel, hetsy toegedraai of oop, in kontak mag kom, moet van vlekvrye staal of 'n soortgelyke goedgekeurde duursame materiaal wees.

(d) Alle nate en voeë moet behoorlik verseël en glad afgewerk wees.

(e) Die binneruim moet so ontwerp wees en die toerusting daarin so geïnstalleer wees dat alle oppervlaktes maklik skoongemaak kan word.

(f) Afsonderlike wasgeriewe, vir die was van gerei en die was van hande onderskeidelik, met warm en koue water daaroor aangelê, moet op sodanige voertuig voorsien word en aan 'n goedgekeurde vuilwater wegdoenstelsel gekoppel word.

(g) Papierhanddoeke en kiemdodende vloeibare se[illegible] goedgekeurde houers moet by die handewasbak [illegible] word.

(h) Wanneer ontoegedraaide voedsel op 'n voertuig hanteer word, moet sodanige voertuig so ontwerp en gebou wees dat —

(i) geen kontak tussen die publiek en die voedsel of die bereider daarvan moontlik is nie;

(ii) minstens 0,8 m$^2$ vrye vloerruimte per persoon op die voertuig beskikbaar is;

(iii) die hoogte tussen die vloer en plafon minstens 2 m is;

(iv) die plafon op 'n goedgekeurde wyse geïsoleer is; en

(v) voldoende ventilasie voorsien is.

(2) (a) Alle drank moet uit 'n goedgekeurde drankoutomaat verkoop word en in goedgekeurde wegdoenbare houers bedien word, of dit moet in verseëlde houers wat in 'n behoorlike gelisensieerde perseel gevul is, verkoop word.

(b) Indien suiker of melk nie vooraf by die drankie bygevoeg is nie, moet dit in afsonderlike fabrieksverpakte porsies verskaf word.

(j) doeltreffende maatreëls tref om te voorkom dat vlieë, kakkerlakke, knaagdiere en ander ongediertes geherberg word of uitbroei en vir die vernietiging daarvan en vir die voorkoming van aanstootlike reuke wat uit die aanhou van pluimvee op die perseel voortspruit.

(2) Niemand mag duiwe uit 'n duiwehok loslaat nie, tensy hy 'n *bona fide*-lid van 'n geregistreerde duiweklub is.

## HOOFSTUK V

## AANHOU VAN KONYNE

*Vereistes vir Persele*

17. Vir die aanhou van konyne moet persele wat aan die volgende vereistes voldoen, verskaf word:

(a) 'n Konynhok wat aan die volgende vereistes voldoen:

(i) Elke muur daarvan moet van baksteen, klip, beton of 'n ander duursame materiaal gebou wees en moet 'n gladde binne-oppervlakte hê.

(ii) Die vloeroppervlakte wat ten minste 150 mm bo die grondvlak moet wees, moet van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou wees wat glad afgewerk is en indien dit deur die gesondheidsbeampte vereis word, moet die vloer afgeskuins word na 'n geut wat ingevolge artikel 28 gedreineer moet wees.

(iii) Natuurlike lig en lugventilasie moet verskaf word.

(iv) Dit moet 'n minimum oppervlakte van 0,4 $m^2$ hê vir elke konyn wat daarin gehuisves gaan word.

(v) 'n Konynhok, indien verskaf, moet met maasdraad of 'n ander duursame materiaal omhein wees en so gebou wees dat voorkom word dat konyne uit die hok uitbreek.

(b) Indien 'n batterystelsel bedryf word, moet 'n ge struktuur waarin so 'n stelsel gehuisves word en wat ooreenkomstig die volgende vereistes gebou en toegerus is, verskaf word:

(i) Elke muur, indien verskaf, moet ten minste 2,4 m hoog wees, van beton, klip, baksteen of 'n ander duursame materiaal gebou wees en moet 'n gladde binne-oppervlakte hê.

(ii) Indien mure verskaf word, moet die gebou geventileer en verlig wees deur middel van natuurlike openinge of vensters met 'n oppervlakte wat gelyk is aan nie minder nie as 15 % van die vloeroppervlakte van die gebou.

(iii) Die vloer moet van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou wees wat glad afgewerk is en indien dit deur die gesondheidsbeampte vereis word, afgeskuins word na 'n geut wat ingevolge artikel 28 gedreineer moet wees.

(iv) Indien geen mure verskaf word nie of as die mure van metaal is, moet die vloer 'n rand reg rondom hê van ten minste 150 mm hoog.

(v) Elke aansluiting tussen die vloer, die mure en die rand moet holrond wees.

except material or an article which is required for use in such house, run or building or structure;

(h) provide within the store-room required in terms of section 17(e) a number of rodent proof receptacles with close-fitting lids in which all loose feed shall be stored;

(i) take effective measures for the prevention of harbouring and breeding and for the destruction of flies, cockroaches, rodents and other vermin and for the prevention of offensive odours arising from the keeping of rabbits on the premises.

## CHAPTER VI

## KEEPING OF BIRDS

*Requirements for Premises*

19. For the keeping of birds in an aviary, premises complying with the following requirements shall be provided:

(a) The aviary shall be properly constructed of durable materials, rodent proof and provided with access thereto adequate for cleaning purposes.

(b) If the aviary is constructed above ground level, the base thereof shall be constructed of an impervious and durable material and shall not be less than 300 mm above ground level.

(c) No aviary shall be situated within 3 m of any building or structure, boundary fence or boundary wall.

(d) A potable supply of water shall be provided adequate for drinking and cleaning purposes.

*Duties of Keeper of Birds*

20. Every person who keep birds in an aviary shall —

(a) ensure that the aviary and the premises are kept in a clean condition and free from vermin;

(b) provide rodent proof facilities for the storage of bird food and keep such food therein;

(c) take effective measures for the prevention of harbouring and breeding and for the destruction of flies, cockroaches, rodents and other vermin;

(d) ensure that such birds do not disturb or hinder the comfort, convenience, peace or quiet of the public.

## CHAPTER VII

## DEALER IN LIVESTOCK AND OTHER BUSINESSES INVOLVING THE KEEPING OF ANIMALS OR POULTRY

*Requirements for Conducting Business*

21.(1) Every person conducting the business of a dealer or speculator in livestock or other business involving the keeping of animals or poultry, other than a pet shop, shall comply with the requirements of subsections (2) and (3).

(2)(a) Subject to the provisions of section 34, the requirements of sections 2 to 18 inclusive, shall be complied with in so far as those provisions are applicable to the animals or poultry kept.

(b) An enclosure with an area of at least 10 $m^2$ per head of cattle, horse, mule or donkey and 1,5 $m^2$ per goat or sheep to be accommodated therein at any time with an overall minimum area of 50 $m^2$ shall be provided.

(c)(i) A separate changeroom, clearly designated, shall be provided for every sex if more than three non-resident persons of the sex are employed in the keeping of animals or poultry.

gebruik in sodanige huis, hok, gebou of struktuur benodig word;

(h) binne die opbergkamer wat ingevolge artikel 17(e) vereis word, 'n aantal knaagdierdigte bakke met digpassende deksels verskaf waarin alle los voer opgeberg moet word;

(i) doeltreffende maatreëls tref om te voorkom dat vlieë, kakkerlakke, knaagdiere en ander ongediertes geherberg word of uitbroei en vir die vernietiging daarvan en vir die voorkoming van aanstootlike reuke wat uit die aanhou van konyne op die perseel voortspruit.

## HOOFSTUK VI

## AANHOU VAN VOËLS

*Vereistes vir Persele*

19. Vir die aanhou van voëls in 'n voëlhok, moet persele wat aan die volgende vereistes voldoen, verskaf word:

(a) Die voëlhok moet behoorlik van duursame materiaal gebou wees, knaagdierdig wees en voorsien wees van toegang wat vir skoonmaakdoeleindes toereikend is.

(b) Indien die voëlhok bokant grondvlak is, moet die voetstuk daarvan van 'n ondeurdringbare en duursame materiaal gebou wees en dit mag nie minder as 300 mm bokant grondvlak wees nie.

(c) Geen voëlhok mag binne 3 m van enige gebou of struktuur, grensheining of grensmuur geleë wees nie.

(d) 'n Drinkbare watertoevoer wat vir drink- en skoonmaakdoeleindes toereikend is, moet verskaf word.

*Pligte van Aanhouer van Voëls*

20. Elke persoon wat voëls in 'n voëlhok aanhou, moet —

(a) toesien dat die voëlhok en die perseel in 'n skoon toestand en vry van ongediertes gehou word;

(b) knaagdierdigte fasiliteite vir die opberg van voëlkos verskaf en sodanige kos daarin hou;

(c) doeltreffende maatreëls tref om te voorkom dat vlieë, kakkerlakke, knaagdiere en ander ongediertes geherberg word of uitbroei en vir die vernietiging daarvan;

(d) toesien dat sodanige voëls nie die gemak, gerief, vrede of stilte van die publiek belemmer nie.

## HOOFSTUK VII

## HANDELAAR IN LEWENDE HAWE EN ANDER BESIGHEDE WAT DIE AANHOU VAN DIERE OF PLUIMVEE BEHELS

*Vereistes vir Dryf van Besigheid*

21.(1) Elke persoon wat die besigheid dryf van 'n handelaar of spekulant in lewende hawe of 'n ander besigheid wat aanhou van diere of pluimvee, buiten 'n troeteldierwinkel, behels, moet aan die vereistes van subartikels (2) en (3) voldoen.

(2)(a) Behoudens die bepalings van artikel 34, moet die vereistes van artikel 2 tot en met 18 nagekom word vir sover as wat daardie bepalings van toepassing is op die diere of pluimvee wat aangehou word.

(b) 'n Omheinde plek met 'n oppervlakte van ten minste 10 $m^2$ per bees, perd, muil of donkie en 1,5 $m^2$ per bok of skaap wat daarin gehuisves gaan word, met 'n totale minimum oppervlakte van 50 $m^2$, moet verskaf word.

(c)(i) 'n Afsonderlike kleedkamer, duidelik aangedui, moet verskaf word vir elke geslag indien meer as drie nie-inwonende persone van daardie geslag vir die aanhou van diere en pluimvee in diens geneem word.

(ii) Every such changeroom shall have a floor area of at least 0,5 $m^2$ per employee, subject to an overall minimum area of 6,5 $m^2$ and a minimum width of 2,1 m.

(iii) Every such changeroom shall be equipped with a metal clothes locker for the keeping of personal clothing of each employee.

(iv) For each employee for whom no changeroom is required in terms of subparagraph (i), a metal clothes locker shall be provided.

(d)(i) One wash hand basin and one shower-bath shall be provided for every 15 persons, or part of that number, employed.

(ii) Every wash hand basin and shower-bath shall be located within or adjacent to the changerooms, shall have a constant supply of hot and cold running water laid on and be drained in terms of section 28.

(e) Soap and towelling shall be provided at the wash hand basin and shower-bath.

(f) Overalls or other protective clothing and, if required by the health officer, protective footwear shall be provided for the use of persons employed in the keeping of animals or poultry.

(3) In respect of employees resident on or at the premises —

(a) sleeping accommodation equipped with a bed for each such employee shall be provided;

(b)(i) ablution facilities comprising one wash hand basin and one shower-bath or bath, separate for the sexes and clearly designated, shall be provided for every 10 persons or part of that number of a particular sex employed;

(ii) every wash hand basin, shower-bath or bath shall have a constant supply of hot and cold running water laid on and be drained in terms of section 28;

(c)(i) cooking facilities and a scullery for the cleaning of cooking and eating utensils shall be provided;

(ii) the scullery shall be fitted with a double bowled sink of stainless steel with a constant supply of hot and cold running water laid on and drained in terms of section 28;

(iii) every bowl of the sink shall have a minimum capacity of 55 *l*, be fitted with a 150 mm high splash screen on the side nearest the wall and be positioned at least 100 mm away from any wall surface;

(d) laundry facilities consisting of a stainless steel laundry trough with a constant supply of hot and cold running water laid on and drained in terms of section 28, shall be provided;

(e) a refuse receptacle shall be provided in the scullery;

(f) a locker or other approved facilities shall be provided in the room where the cooking facilities are situated for the storage of non-perishable food of each employee.

## CHAPTER VIII

## DOG KENNELS AND CATTERIES

*Requirements for Premises*

22.(1) No person shall maintain kennels or a cattery, unless the requirements of subsections (2) to (12), inclusive are complied with.

(2) Every dog or cat shall be kept in an enclosure complying with the following requirements:

(ii) Elke sodanige kleedkamer moet 'n vloeroppervlakte van ten minste 0,5 $m^2$ per werknemer hê, onderworpe aan 'n minimum vloeroppervlakte van 6,5 $m^2$ en 'n minimum breedte van 2,1 m.

(iii) Elke sodanige kleedkamer moet toegerus wees met 'n kleresluitkas van metaal vir die hou van die persoonlike klerasie van elke werknemer.

(iv) Vir elke werknemer waarvoor 'n kleedkamer nie ingevolge subparagraaf (i) vereis word nie, moet 'n kleresluitkas van metaal verskaf word.

(d)(i) Een handewasbak en een stortbad moet vir elke 15 persone of 'n deel van sodanige getal wat in diens geneem word, verskaf word.

(ii) Elke handewasbak en stortbad moet binne of langs die kleedkamer geleë wees en moet 'n standhoudende aangelegte toevoer van warm en koue water hê wat ingevolge artikel 28 gedreineer moet wees.

(e) Seep en handdoeke moet by die handewasbak en stortbad verskaf word.

(f) Oorpakke of ander beskermingsklere en indien vereis deur die gesondheidsbeampte, beskermingskoeisel, moet verskaf word vir die gebruik van persone wat vir die aanhou van diere en pluimvee in diens geneem word.

(3) Daar moet ten opsigte van personeel wat op of by die perseel inwoon —

(a) slaapgeriewe, toegerus met 'n bed vir elke sodanige werknemer verskaf word;

(b)(i) wasgeriewe, bestaande uit een handewasbak en een stortbad of 'n bad, afsonderlik vir die geslagte wat duidelik aangedui moet word, vir elke 10 persone of 'n deel van daardie getal van 'n bepaalde geslag wat in diens geneem word, verskaf word;

(ii) elke handewasbak, stortbad of bad moet 'n standhoudende aangelegde toevoer van warm en koue water hê wat ingevolge artikel 28 gedreineer moet wees;

(c)(i) kookgeriewe en 'n opwaskamer vir die skoonmaak van kook- en eetgerei verskaf word;

(ii) die opwaskamer moet toegerus wees met 'n dubbelkomopwasbak, van vlekvrye staal met 'n standhoudende aangelegde toevoer van warm en koue water wat ingevolge artikel 28 gedreineer moet wees;

(iii) elke kom van die wasbak moet 'n minimum inhoudsvermoë van 55 *l* hê, toegerus wees met 'n spatskerm 150 mm hoog aan die kant naaste aan die muur en moet ten minste 100 mm weg van enige muuroppervlak af wees;

(d) wasgeriewe verskaf bestaande uit 'n wastrog van vlekvrye staal met 'n standhoudende aangelegde toevoer van warm en koue water wat ingevolge artikel 28 gedreineer moet wees;

(e) 'n vullishouer in die opwaskamer verskaf word;

(f) 'n sluitkas of 'n ander goedgekeurde gerief verskaf word in die vertrek waarin die kookgeriewe geleë is vir die opberging van die nie-bederfbare voedsel van elke werknemer.

## HOOFSTUK VIII

## HONDE- EN KATTEHERBERGE

*Vereistes van Persele*

22.(1) Niemand mag honde- of katteherberge aanhou tensy die bepalings van subartikels (2) tot en met (12) nagekom word nie.

(2) Elke hond of kat moet aangehou word in 'n omheinde plek wat aan die volgende vereistes voldoen:

(a) It shall be constructed of durable materials and shall have access thereto adequate for cleaning purposes.

(b) The floor shall be constructed of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish and graded to a channel 100 mm wide, extending the full width of the floor and situated within the enclosure, which channel shall be graded and drained into a gully connected to the council's sewer by means of an earthenware pipe 100 mm in diameter.

(c) A curb 150 mm high shall be provided along the entire length of the channel referred to in paragraph (b) and on the side thereof adjacent to the surrounding outside area to prevent stormwater from such area from entering the channel.

(3) Every enclosure referred to in subsection (2), shall contain a roofed shelter for the accommodation of dogs or cats complying with the following requirements:

(a) Every wall shall be constructed of brick, stone, concrete or other durable material and shall have a smooth internal surface without cracks or open joints.

(b) The floor shall be of concrete or other impervious and durable material brought to a smooth finish without cracks or open joints and every junction between the floor and the walls of a permanent structure shall be coved.

(c) Every shelter shall have adequate access thereto for cleaning and deverminising.

(4) In the case of dogs, a dog kennel of moulded asbestos or other similar material, which is movable, and placed on a base constructed of concrete or other durable material with an easily cleaned finish, without cracks or open joints, may be provided instead of a shelter contemplated in subsection (2) and if the base of such kennel is not rendered waterproof, a sleeping board which will enable the dog to keep dry, shall be provided in every such kennel.

(5) A concrete apron extending at least 1 m wide around the extremities of the enclosure shall be provided, which apron shall be graded and drained for the draining of stormwater away from the enclosure.

(6) A potable water supply shall be provided in or adjacent to the enclosure adequate for drinking and cleaning purposes.

(7)(a) If required by the health officer, a separate room or roofed area with a floor area of not less than 6,5 $m^2$, a width of not less than 2,1 m and a height of not less than 2,4 m shall be provided for the preperation of food.

(b) The floor of the room or roofed area shall be of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish.

(c) The internal wall surfaces of the room or roofed area shall be smooth plastered and painted with a light coloured washable paint.

(d) The room or roofed area shall be equipped with preparation tables of metal manufacture and a double bowled stainless steel sink with a constant supply of hot and cold water laid on and drained in terms of section 28.

(e) Every bowl of the sink shall have a minimum depth of 225 mm and a minimum capacity of 55 *l*.

(8) A rodent proof store-room shall be provided for the storage of food, the floor area of which shall not be less than 6,5 $m^2$ and the width not less than 2,1 m: Provided that if the health officer is satisfied that, having regard to the number of

(a) Dit moet van duursame materiaal gebou wees en toegang daartoe hê wat vir skoonmaakdoeleindes toereikend is.

(b) Die vloer moet van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou wees wat glad afgewerk is en afgeskuins is na 'n geut wat 100 mm breed is oor die volle wydte van die vloer en geleë binne die omheinde plek, welke geut afgeskuins en gedreineer moet wees na 'n rioolput wat met die raad se rioolstelsel verbind is deur middel van 'n erdepyp met 'n deursnee van ten minste 100 mm.

(c) 'n Rand met 'n hoogte van 150 mm moet verskaf word langs die volle lengte van die geut waarna in paragraaf (b) verwys word en aan die sy daarvan wat langs die omliggende buite-gebied is om te verhoed dat vloedwater uit sodanige gebied die vloergeut binnekom.

(3) Elke omheinde plek waarna in subartikel (2) verwys word, moet 'n oordekte skuiling vir die huisvesting van honde en katte hê, wat aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Elke muur moet van baksteen, klip, beton of ander duursame materiaal gebou wees en moet 'n gladde binneoppervlakte hê sonder barste of oop voeë.

(b) Die vloer moet van beton of 'n ander ondeurdringbare en duursame materiaal gebou wees wat glad afgewerk is sonder barste of oop voeë en elke aansluiting tussen die vloer en die mure van 'n permanente struktuur moet holrond wees.

(c) Elke skuiling moet toereikend toegang daartoe hê vir die skoonmaak daarvan en die vernietiging van ongediertes.

(4) In die geval van honde kan 'n hondehok van gevormde asbes of 'n ander soortgelyke materiaal, wat verplaasbaar is en geplaas is op 'n voetstuk van beton of 'n duursame materiaal met 'n afwerking wat maklik skoongemaak kan word, sonder barste of oop voeë verskaf word in plaas van 'n skuiling soos beoog in subartikel (2) en as die voetstuk van sodanige hondehok nie waterdig gemaak is nie, moet 'n slaapbank wat die hond in staat stel om droog te bly, in elke sodanige hondehok verskaf word.

(5) 'n Betonskort wat tot ten minste 1 m breed rondom die verste kante van die omheinde plek strek, moet verskaf word, welke skort afgeskuins en gedreineer moet wees sodat vloedwater van die omheinde plek af wegloop.

(6) 'n Drinkbare watertoevoer wat toereikend is vir drink- en skoonmaakdoeleindes moet in of aanliggend aan die omheinde plek verskaf word.

(7)(a) Indien dit deur die gesondheidsbeampte vereis word, moet 'n afsonderlike vertrek of 'n oordekte gebied met 'n vloeroppervlakte van nie minder nie as 6,5 $m^2$, 'n breedte van nie minder nie as 2,1 m en 'n hoogte van nie minder nie as 2,4 m, vir die voorbereiding van voedsel verskaf word.

(b) Die vloer van die vertrek of oordekte gebied moet van beton of 'n ander duursame ondeurdringbare materiaal wees wat glad afgewerk is.

(c) Die oppervlakte van die binnemure van die kamer of oordekte gebied moet glad gepleister wees en met 'n ligkleurige wasbare verf geverf wees.

(d) Die vertrek of oordekte gebied moet toegerus wees met voorbereidingstafels van metaal, 'n dubbelkomopwasbak van vlekvrye staal met 'n standhoudende aangelegde toevoer van warm en koue water en moet ingevolge artikel 28 gedreineer wees.

(e) Elke kom van die opwasbak moet 'n minimum diepte van 225 mm en 'n minimum inhoudsmaat van 55 *l* hê.

(8) Vir die opberging van kos moet 'n knaagdierdigte pakkamer met 'n vloeroppervlakte van nie minder nie as 6,5 $m^2$ en 'n breedte van nie minder nie as 2,1 m verskaf word: Met dien verstande dat as die gesondheidsbeampte oortuig is dat,

dogs or cats being kept on the premises, a store-room of smaller dimensions than the minimum dimensions required or other storage facilities would be adequate, he may permit a smaller store-room or other storage facilities as he deems fit.

(9) At least 5 m of clear unobstructed space shall be provided between any shelter or enclosure and the nearest point of any dwelling, other building or structure used for human habitation or place where food is stored and prepared for human consumption, or the boundary of any land.

(10) Isolation facilities shall be provided for sick dogs or cats.

(11) If washing, clipping or grooming of pets is done, the following facilities shall be provided:

(a) A bathroom with a minimum floor area of 9 $m^2$, a width of not less than 2,1 m fitted with a bath or similar approved fitting and wash hand basin with a constant supply of hot and cold running water laid on.

(b) A clipping and grooming room with a minimum floor area of 10 $m^2$, a width of not less than 2,1 m and fitted with approved impervious topped tables and an adequate number of portable storage receptacle of an impervious durable material with close fitting lids for the storage of cut hair pending removal.

(c) The rooms referred to in paragraphs (a) and (b) shall be laid out in such a manner so as to provide an unobstructed floor area of at least 30 %.

(d) The floors of the rooms referred to in paragraphs (a) and (b) shall be constructed of concrete or other durable and impervious material, brought to a smooth finish, graded to a channel drained in terms of section 28.

(e) Every junction between the floor and walls of such room shall be coved and the coving shall have a minimum radius of 75 mm.

(f) Every internal wall surface shall be smooth plastered and painted in a light coloured washable paint.

(12) If cages are provided for the keeping of cats, such cages shall be of durable impervious material and constructed so as to be easily cleaned.

*Duties of Person in Control of Kennels or Catteries*

23. Any person in control of kennels or a cattery shall —

(a) maintain the premises, equipment and every vessel, receptacle or container and sleeping board used in connection with the kennels or cattery in a clean, sanitary condition and in good repair;

(b)(i) provide portable storage receptacles of an impervious material with close fitting lids for the storage of dog and cat faeces;

(ii) every such receptacle shall be kept on a platform constructed of concrete or other durable and impervious material adjacent to the enclosures;

(c) remove all faeces and other waste matter from the enclosure and shelter at least once every 24 hours and place it in the receptacles referred to in paragraph (b);

(d) remove the contents of the storage receptacles from the premises at least twice every 7 days and dispose thereof in a manner which will not create a nuisance;

(e) store all lose food in receptacles with close fitting lids within the food store;

met inagneming van die aantal honde of katte wat op die perseel aangehou word, 'n pakkamer met kleiner afmetings as die minimum afmetings wat vereis word, of ander bergfasiliteite toereikend sal wees, hy 'n kleiner pakkamer of ander bergfasiliteit wat hy goeddink, kan toelaat.

(9) Daar moet ten minste 5 m oop en onbelemmerde ruimte verskaf word tussen enige skuiling of omheinde plek en die naaste punt van enige woonhuis, ander gebou of struktuur wat vir menslike bewoning gebruik word of 'n plek waar voedsel vir menslike verbruik geberg of voorberei word, of die grens van enige grond.

(10) Afsonderingsgeriewe vir honde en katte wat siek is, moet verskaf word.

(11) Indien honde gewas, geskeer of versorg word, moet die volgende geriewe verskaf word:

(a) 'n Badkamer met 'n minimum vloeroppervlakte van 9 $m^2$, 'n breedte van nie minder nie as 2,1 m, toegerus met 'n bad of 'n soortgelyke goedgekeurde gerief en 'n handewasbak met 'n standhoudende aangelegde toevoer van warm en koue water.

(b) 'n Skeer- en versorgkamer met 'n minimum vloeroppervlakte van 10 $m^2$, en 'n breedte van nie minder nie as 2,1 m en toegerus met goedgekeurde tafels met ondeurdringbare blaaie en 'n toereikende aantal draagbare bêrebakke van ondeurdringbare duursame materiaal met digpassende deksels vir die berging van haarsnysels wat op verwydering wag.

(c) Die kamers waarna in paragrawe (a) en (b) verwys word, moet so uitgelê wees om 'n onbelemmerde vloerruimte van ten minste 30 % te verskaf.

(d) Die vloere van die kamers waarna in paragrawe (a) en (b) verwys word, moet van beton of 'n ander duursame ondeurdringbare materiaal gebou wees wat glad afgewerk en afgeskuins is na 'n geut wat ingevolge artikel 28 gedreineer moet wees.

(e) Elke aansluiting tussen die vloer en die mure van sodanige kamer moet holrond wees met 'n minimum straal van 75 mm.

(f) Elke binnemuurvlak moet glad gepleister en met 'n ligkleurige wasbare verf geverf wees.

(12) Indien hokke vir die aanhou van katte verskaf word, moet sodanige hokke van duursame ondeurdringbare materiaal gebou wees sodat dit maklik skoongemaak kan word.

*Pligte van Persoon in Beheer van Honde- en Katteherberge*

23. Enige persoon in beheer van 'n honde- of katteherberg moet —

(a) die perseel, toerusting en elke vat, bak of houer en slaapplank wat in verband met die honde- of katteherberge gebruik word, in 'n skoon, higiëniese en goeie toestand in stand hou;

(b)(i) draagbare opbergbakke van 'n ondeurdringbare materiaal met digpassende deksels verskaf vir die berging van honde- en kattemis;

(ii) elke sodanige bak hou op 'n platform gebou van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal aanliggend aan die omheinings;

(c) alle mis en ander afvalstowwe ten minste een keer elke 24 uur uit die omheinde plek verwyder en dit in die bakke waarna in paragraaf (b) verwys word, plaas;

(d) die inhoud van alle opbergbakke ten minste twee keer elke 7 dae van die perseel af verwyder en dit wegdoen op 'n wyse wat nie 'n oorlas sal skep nie;

(e) alle los kos in bakke met digpassende deksels binne die kospakkamer opberg;

(f) provide refrigeration facilities in which all perishable food shall be stored at a temperature not higher than 10 °C;

(g) take effective measures for the prevention of harbouring or breeding and for the destruction of flies, cockroaches, rodents and other vermin and for the prevention of offensive odours arising from the keeping of dogs or cats;

(h) provide refuse receptacles with close fitting lids in the food preparation room or roofed area required in terms of section 22(7);

(i) keep any sick dog or cat in the isolation facilities required in terms of section 22 (10), whilst on the premises;

(j) ensure that dogs and cats kept on the premises do not disturb or hinder the comfort, convenience, peace or quiet of the public.

## CHAPTER IX

## PET SHOPS AND PET SALONS

*Requirements for Premises*

24. No person shall conduct a business of a pet shop or pet salon in or upon any premises —

(a) in which there is direct internal access with any room or place used for human habitation or in which clothing is stored or sold or food for human consumption is prepared, stored, sold or consumed;

(b) unless the premises are constructed and equipped in accordance with the following requirements:

(i) Every wall including any partition of any building shall be constructed of brick, concrete or other durable material, shall have a smooth internal surface and painted with a light coloured washable paint or given some other approved finish.

(ii) The floor of any building shall be constructed of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish.

(iii) The ceiling of any building shall be constructed of durable material, have a smooth finish, be dust proof and painted with a light coloured washable paint.

(iv) One wash hand basin with a constant supply of hot and cold running water laid on, shall be provided for every 15 or part of that number of persons employed on the pemises which shall be drained in terms of section 28.

(v)(aa) A rodent proof store-room, with a floor area of not less than 16 m$^2$ shall be provided.

(bb) If the health officer is satisfied that, having regard to the extent of the business and the quantity of goods and equipment and pets food to be stored on the premises, a store-room of smaller dimensions than the minimum dimentions in terms of subparagraph (aa) is adequate, he may permit a smaller store-room.

(vi) Facilities for the washing of cages, trays and other equipment shall be provided in the form of either —

(aa) a curbed and roofed over platform with a surface of at least 1,5 m$^2$ raised at least 100 mm above the floor and constructed of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish, which platform shall be provided with a constant supply of water laid on; or

(f) verkoelingsfasiliteite verskaf waarin alle bederfbare kos teen 'n temperatuur wat nie hoër as 10 °C is nie, gehou moet word;

(g) doeltreffende maatreëls tref om te voorkom dat vlieë, kakkerlakke, knaagdiere en ander ongediertes geherberg word of uitbroei en vir die vernietiging daarvan en vir die voorkoming van aanstootlike reuke wat uit die aanhou van honde of katte voortspruit;

(h) vullishouers met digpassende deksels in die kosvoorbereidingskamer of oordekte gebied, vereis ingevolge artikel 22(7), verskaf;

(i) enige hond of kat wat siek is terwyl dit op die perseel is, hou in die afsonderingsgeriewe vereis ingevolge artikel 22(10);

(j) toesien dat honde en katte wat op die perseel aangehou word, nie die gemak, gerief, vrede of stilte van die publiek versteur nie.

## HOOFSTUK IX

## TROETELDIERWINKELS EN TROETELDIERSALONNE

*Vereistes vir Persele*

24. Niemand mag die besigheid van 'n troeteldierwinkel of 'n troeteldiersalon bedryf in of op 'n perseel —

(a) wat oor direkte binnenshuise toegang beskik tot enige kamer of plek wat vir menslike bewoning gebruik word of waarin klerasie geberg of verkoop word of voedsel vir menslike verbruik voorberei, geberg, verkoop of verbruik word; en

(b) tensy die perseel ooreenkomstig die volgende vereistes gebou en toegerus is:

(i) Elke muur met inbegrip van enige verdeling van enige gebou moet van baksteen, beton of 'n ander duursame materiaal gebou wees, moet 'n gladde binne-afwerking hê en met 'n ligkleurige wasbare verf geverf wees of 'n ander goedgekeurde afwerking hê.

(ii) Die vloer van enige gebou moet van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou wees wat glad afgewerk is.

(iii) Die plafon van enige gebou moet van 'n duursame materiaal gebou wees, glad afgewerk en stofdig wees en met 'n ligkleurige wasbare verf geverf wees.

(iv) Een handewasbak met 'n standhoudende aangelegde toevoer van warm en koue water moet verskaf word vir elke 15 persone, of 'n deel van daardie getal, wat op die perseel in diens geneem word, welke perseel ingevolge artikel 28 gedreineer moet wees.

(v)(aa) 'n Knaagdierdigte pakkamer met 'n vloeroppervlakte van nie minder nie as 16 m$^2$ moet verskaf word.

(bb) Indien die gesondheidsbeampte oortuig is dat, met inagneming van die omvang van die besigheid en die hoeveelheid goedere, toerusting en troeteldierkos wat op die perseel geberg moet word, 'n pakkamer met afmetings wat minder is as die minimum afmetings ingevolge subparagraaf (aa) toereikend is, kan hy 'n kleiner pakkamer toelaat.

(vi) Geriewe vir die was van hokke, panne en ander toerusting moet verskaf word in die vorm van óf —

(aa) 'n berande en oordekte platform met 'n oppervlakte van ten minste 1,5 m$^2$, wat ten minste 100 mm hoër as die vloer is en gebou is van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal wat glad afgewerk is, welke platform 'n standhoudende aangelegde toevoer van water moet hê; of

(bb) a stainless steel sink or trough not less than 304 mm deep with a drainage board and with a constant supply of water laid on;

(vii) The platform, sink or trough referred to in subparagraph (vi) shall be drained in terms of section 28 and any wall surface within 0,5 m of such platform, sink or trough shall be permanently covered with durable waterproof material to a height of at least 1,4 m above the floor.

(viii)(aa) A separate changeroom, clearly designated, shall be provided for any sex if more than two persons are employed on the premises.

(bb) Every such changeroom shall have a floor area of at least 0,5 $m^2$ for each employee with a minimum overall floor area of 6,5 $m^2$ and a minimum width of 2,1 m and shall be equipped with a separate metal clothes locker for the keeping of personal clothing of each employee.

(cc) For each employee for which no changeroom is required in terms of subparagraph (aa), a metal clothes locker shall be provided.

(ix) No door, window or other opening in any wall of a building on the premises shall be within 2 m of any door, window or opening to any building in which food is prepared, stored or sold for human consumption or consumed by humans.

(x) If the washing, clipping or grooming of pets is done on the premises the requirements of section 22(11) shall be complied with.

*Duties of Trader*

25. Every person who conducts the business of a pet shop shall —

(a) provide cages for housing animals, poultry or birds, and the following requirements shall be complied with:

(i) The cages shall be constructed entirely of metal or other durable impervious material and shall be fitted with a removable metal tray below the floor thereof to facilitate cleaning.

(ii) Every cage shall be free from any recess or cavity not readily accessible for cleaning and every tubular or hollow fitting used in connection therewith shall have its exterior cavity sealed.

) Every cage shall be of such size and mass and so placed ; can be readily moved.

v) If rabbits are kept in a cage, the metal tray referred to ubparagraph (i) shall be drained to a removable recep- le.

(v) Every cage shall be fitted with a drinking vessel filled with water and accessible to the pets kept in the cage.

(vi) The distance from any cage to the nearest wall shall at all times be not less than 150 mm.

(vii) The cages shall be kept not less than 450 mm above floor level and the space beneath the cages shall be unobstructed;

(b) provide rodent proof receptacles of an impervious material with close fitting lids in the store-room in which all loose petfood shall be stored;

(c) provide refrigeration facilities in which all perishable pet food kept on the premises shall be stored at a temperature not higher than 10 °C;

(bb) 'n wasbak of trog van vlekvryestaal wat nie minder as 304 mm diep is nie met 'n dreineringsbord en met 'n standhoudende aangelegde toevoer van water.

(vii) Die platform, wasbak of trog waarna in subparagraaf (vi) verwys word, moet ingevolge artikel 28 gedreineer wees en enige muuroppervlakte binne 0,5 m van sodanige platform, wasbak of trog moet permanent met 'n duursame waterdigte materiaal bedek wees tot 'n hoogte van ten minste 1,4 m bokant die vloer.

(viii)(aa) 'n Afsonderlike kleedkamer, duidelik aangedui, moet verskaf word vir enige geslag as meer as twee van daardie geslag op die perseel in diens is.

(bb) Elke sodanige kleedkamer moet 'n vloeroppervlakte van ten minste 0,5 $m^2$ hê vir elke werknemer met 'n minimum totale vloeroppervlakte van 6,5 $m^2$ en 'n minimum breedte van 2,1 m en dit moet toegerus wees met 'n afsonderlike sluitkas van metaal waarin die persoonlike klerasie van elke werknemer gehou kan word.

(cc) Vir elke werknemer vir wie 'n kleedkamer nie ingevolge subparagraaf (aa) vereis word nie, moet 'n kleresluitkas van metaal verskaf word.

(ix) Geen deur, venster of ander opening in enige muur van 'n gebou op die perseel mag geleë wees binne 2 m vanaf enige deur, venster of ander opening na enige gebou waarin voedsel vir menslike verbruik voorberei, geberg of verkoop word of deur mense verbruik word nie.

(x) Indien die was, skeer of versorging van troeteldiere op die perseel gedoen word, moet die vereistes van artikel 22(11) nagekom word.

*Pligte van Handelaar*

25. Elke persoon wat die besigheid van 'n troeteldierwinkel dryf, moet —

(a) hokke vir die huisvesting van diere, pluimvee of voëls verskaf en die volgende vereistes moet nagekom word:

(i) Die hokke moet in geheel van metaal of 'n ander duursame ondeurdringbare materiaal gebou wees en moet toegerus wees met 'n verwyderbare metaalpan onder die vloer daarvan om skoonmaak daarvan te vergemaklik.

(ii) Elke hok moet vry van enige duik of holte wees wat nie geredelik vir die skoonmaak daarvan toeganklik is nie en die binneholte van elke buis- of holtoebehore wat in verband daarmee gebruik word, moet verseël wees.

(iii) Elke hok moet so groot en swaar en so geplaas wees dat dit maklik verskuif kan word.

(iv) Indien konyne in 'n hok aangehou word, moet die metaalpan waarna in subparagraaf (i) verwys word, na 'n verwyderbare houer gedreineer word.

(v) Elke hok moet toegerus wees met 'n drinkbak wat met water gevul is en wat vir die troeteldiere in die hok toeganklik is.

(vi) Die afstand vanaf enige hok tot die naaste muur moet te alle tye nie minder as 150 mm wees nie.

(vii) Die hokke moet ten minste 450 mm bo grondvlak gehou word en die ruimte onder die hokke moet onbelemmerd wees.

(b) Knaagdierdigte bakke van 'n ondeurdringbare materiaal met digpassende deksels in die pakkamer verskaf waarin los troeteldierkos geberg moet word;

(c) verkoelingsfasiliteite verskaf waarin alle bederfbare kos wat op die perseel aangehou word, teen 'n temperatuur wat nie hoër as 10 °C is nie, geberg moet word;

(d) maintain in every room in which pets are kept, an unobstructed floor space of not less than 30 % of the floor area of such room and a distance of not less than 800 mm between rows of cages;

(e) maintain the premises and every cage, tray, container, receptacle, basket and all apparatus, equipment and appliances used in connection with the pet shop, in a clean, sanitary condition, free from vermin and in good repair;

(f) take effective measures for the prevention of harbouring or breeding and for the destruction of flies, cockroaches, rodents and other vermin and for the prevention of offensive odours arising from the keeping of pets on the premises;

(g) provide overalls or other protective clothing for the use of persons employed in connection with the pet shop and ensure that such apparel is worn by the employee when on duty;

(h) not keep any pet in the yard or other open space on the premises, unless otherwise approved by the health officer;

(i) provide isolation facilities, in which every pet which is or appears to be sick shall be kept whilst on the premises;

(j) ensure that there is a constant and potable water supply for drinking and cleaning purposes;

(k) ensure that the premises are at all times so ventilated so as to ensure sufficient movement of air for the comfort and survival of the pets;

(l) ensure that the number of pets per cage are not such that the free movement of such pets is impeded.

## CHAPTER X

## HAWKING OF POULTRY AND RABBITS

*Requirements for Hawking*

26. No person shall hawk poultry or rabbits, unless the following requirements are complied with:

(a) The business of a hawker shall be conducted from premises on which poultry or rabbits shall be kept in compliance with the provisions of Chapters IV and V and facilities shall be provided for the parking of the vehicle used for hawking after normal trading hours.

(b) Facilities shall be provided on the premises for the washing and disinfection of cages, crates and trays in the form of either —

(i) a curbed platform with a surface area of at least 1,5 $m^2$ raised at least 100 mm above the floor and constructed of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish and drained in terms of section 28; or

(ii) a stainless steel sink or trough not less than 304 mm deep and 0,6 $m^2$ in area with a drainage board,

and with a constant supply of water laid on at such washing platform, sink or trough.

(c)(i) A vehicle of sound construction, oil painted and bearing the name of the hawker, together with his residential address and the address of his business premises in clearly legible letters not less than 50 mm in height on both sides of the vehicle shall be provided.

(ii) That part of the vehicle in which poultry or rabbits are conveyed shall be provided with a top or cover of heat resistent material, other than metal, and provision for through ventilation shall be made.

(d) in elke vertrek waarin troeteldiere aangehou word 'n onbelemmerde vloerruimte van nie minder nie as 30 % van die vloeroppervlakte van sodanige vertrek en op 'n afstand van nie minder nie as 800 mm tussen rye hokke hou;

(e) die perseel en elke hok, pan, houer, bak, mandjie en alle apparaat, toerusting en toestelle wat in verband met die troeteldierwinkel gebruik word, in 'n skoon en higiëniese toestand, ongediertevry en in 'n goeie toestand in stand hou;

(f) doeltreffende maatreëls tref om te voorkom dat vlieë, kakkerlakke, knaagdiere en ander ongediertes geherberg word of uitbroei en vir die vernietiging daarvan en vir die voorkoming van aanstootlike reuke wat uit die aanhou van troeteldiere op die perseel voortspruit;

(g) oorpakke of ander beskermingsklere verskaf vir die gebruik van persone wat in verband met die troeteldierwinkel in diens is en toesien dat sodanige kleredrag deur 'n werknemer wat aan diens is, gedra word;

(h) nie enige troeteldier in die agterplaas of ander oopruimte op die perseel aanhou nie, tensy deur die gesondheidsbeampte goedgekeur;

(i) afsonderingsgeriewe verskaf waarin elke troeteldier op die perseel wat siek is of sodanig blyk te wees, gehou moet word;

(j) toesien dat daar 'n standhoudende drinkbare watertoevoer vir drink- en skoonmaakdoeleindes beskikbaar is;

(k) toesien dat die perseel te alle tye so geventileer is dat daar toereikende lugbeweging vir die gerief en voortbestaan van die troeteldiere plaasvind;

(l) toesien dat die getal troeteldiere per hok nie sodanig is dat die vrye beweging van sodanige troeteldiere benadeel word nie.

## HOOFSTUK X

## SMOUS VAN PLUIMVEE EN KONYNE

*Vereistes vir Smous*

26. Niemand mag met pluimvee of konyne smous nie, tensy die volgende vereistes nagekom word:

(a) Die besigheid van 'n smous moet gedryf word vanaf 'n perseel waarin pluimvee of konyne ooreenkomstig die bepalings van Hoofstukke IV en V gehou moet word en fasiliteite moet verskaf word vir die parkering na normale handelsure, van die voertuig wat vir die smousery gebruik word.

(b) Geriewe moet op die perseel verskaf word vir di en ontsmetting van hokke, kratte en panne in die vorr óf —

(i) 'n berande platform met 'n oppervlakte van ten min: 1,5 $m^2$ wat ten minste 100 mm hoër as die vloer is en gebou van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal wat glad afgewerk is en ooreenkomstig artikel 28 gedreineer moet wees; óf

(ii) 'n vlekvryestaal opwasbak of -trog van vlekvryestaal wat ten minste 304 mm diep is en 0,6 $m^2$ groot met 'n dreineringsbord,

en met 'n standhoudende aangelegde watertoevoer by sodanige wasplatform, wasbak of -trog.

(c)(i) 'n Stewig geboude voertuig wat met olieverf geskilder is en met die naam van die smous met sy woonadres en die adres van sy besigheidsperseel in duidelik leesbare letters ten minste 50 mm hoog, op albei sykante van die voertuig, moet verskaf word.

(ii) Daardie deel van die voertuig waarin pluimvee of konyne vervoer word, moet voorsien wees van 'n dakskerm van hittebestande materiaal buiten metaal en voorsien vir deurventilasie moet gemaak word.

(d)(i) Cages or crates of an impervious and durable material shall be provided for coveying poultry or rabbits on the vehicle.

(ii) Such cages, crates or divisions thereof shall be fitted with removeable trays of impervious material for the reception of poultry or rabbit droppings.

(iii) In the case of rabbits, such trays shall be drained to a removable receptacle.

(e) Every cage, crate or division shall be provided with a drinking vessel, not less than 100 mm in depth filled with water, which shall be fixed to an inside corner of the cage, crate or division.

*Duties of Hawker*

27. Every person hawking poultry or rabbits shall —

(a) wash and thoroughly cleanse that part of the vehicle in which poultry or rabbits are conveyed and every cage, crate and tray used on the vehicle, after each day's trading;

(b) remove from every cage or crate on the vehicle any poultry or rabbits which appear to be sick and place such poultry or rabbits in a separate cage;

(c) maintain the premises, vehicle and every cage, crate, tray, vessel, container and receptacle used in connection with such hawking in a clean and sanitary condition, free from vermin and in good repair;

(d) store all feed in rodent proof receptacles.

CHAPTER XI

MISCELLANEOUS

*Draining*

28. All sinks, wash hand basins, baths, shower-baths, troughs, floor surfaces, including channels and washing platforms, required to be drained in terms of these by-laws, shall be drained to an external gully, connected to the Council's sewer or, where no sewer is available or readily accessible, to other means of drainage approved by the Council.

*Discharge of Taps*

29. The taps at all water supply points required in terms of these by-laws, other than those within a building or structure the floors of which are graded and drained, shall be placed so as to discharge directly over and into a dished top fitted to an external gully connected to the Council's sewer or, where no sewer is available or readily accessible, to other means of drainage approved by the Council.

*Nuisance*

30. No person shall —

(a) keep any animal or pet in such a manner as to cause a nuisance;

(b) fail to remove faeces deposited by a dog in a public place whilst under his control or supervision and dispose of such faeces in a refuse receptacle;

(c) fail to duly dispose of dead animals in such a manner as prescribed by the health officer.

(d)(i) Hokke of kratte van 'n ondeurdringbare en duursame materiaal moet vir die vervoer van pluimvee of konyne op die voertuig verskaf word.

(ii) Sodanige hokke, kratte of afskortings daarvan moet toegerus wees met verwyderbare panne van ondeurdringbare materiaal vir die opvang van pluimvee- en konynmis.

(iii) In die geval van konyne moet sulke panne na 'n verwyderbare bak gedreineer word.

(e) Elke hok, krat of afskorting moet voorsien word van 'n drinkbak ten minste 100 mm diep, en wat met water gevul is, welke bak aan 'n binnehoek van die hok, krat of afskorting aangebring moet wees.

*Pligte van Smous*

27. Elke persoon wat met pluimvee of konyne smous, moet —

(a) daardie deel van die voertuig waarin pluimvee of konyne vervoer word en elke hok, krat en pan wat op die voertuig gebruik word, na elke dag se handeldryf, was en deeglik skoonmaak;

(b) enige pluimvee of konyne wat skynbaar siek is, uit elke hok of krat op die voertuig verwyder en sodanige pluimvee of konyne in 'n afsonderlike hok plaas;

(c) die perseel, voertuig en elke hok, krat, pan, vat, houer en bak wat in verband met sodanige smousery gebruik word, in 'n skoon en higiëniese toestand, vry van enige ongediertes en in 'n goeie toestand in stand hou;

(d) alle voer in knaagdierdigte houers berg.

HOOFSTUK XI

DIVERSE

*Dreinering*

28. Alle opwasbakke, handewasbakke, baddens, stortbaddens, trôe, vloeroppervlaktes met inbegrip van geute en wasplatforms wat ingevolge hierdie verordeninge gedreineer moet wees, moet gedreineer word na 'n buitegeleë dreineringsput wat met die Raad se rioolstelsel verbind is of, waar so 'n stelsel nie beskikbaar is of geredelik toeganklik is nie, na 'n ander vorm van dreinering wat deur die Raad goedgekeur is.

*Uitmond van Krane*

29. Die krane by alle watervoorsieningspunte wat ingevolge hierdie verordeninge vereis word, buiten daardie krane geleë binne 'n gebou of struktuur waarvan die vloere afgeskuins en gedreineer is, moet so geplaas wees dat dit regstreeks oor en in 'n kom uitmond wat aangebring is aan 'n buitegeleë rioolput wat met die Raad se rioolstelsel verbind is, of waar sodanige rioolstelsel nie beskikbaar of geredelik toeganklik is nie, na 'n ander vorm van dreinering wat deur die Raad goedgekeur is.

*Oorlas*

30. Niemand mag —

(a) enige dier of troeteldier op so 'n wyse aanhou dat dit 'n oorlas veroorsaak nie;

(b) in gebreke bly om mis wat deur 'n hond, terwyl dit onder sy beheer of toesig is, in 'n openbare plek gelaat word, te verwyder nie en om sodanige mis in 'n vullishouer weg te doen nie;

(c) in gebreke bly om dooie diere behoorlik weg te doen nie op so 'n wyse wat deur die gesondheidsbeampte voorgeskryf word.

*Illness Attributable to Animals*

31. The illness of any person which is attributable to the keeping of any animal, poultry, bird or pet as contemplated in Chapters VI to IX inclusive, shall be reported to the health officer within 24 hours of diagnosis by the person making the diagnosis.

*Inspection*

32. The health officer and any officer authorised thereto by the Council may, in order to satisfy himself that the provisions of these by-laws are being complied with —

(a) enter any premises on which animals, poultry, birds or pets are kept or on which kennels or a cattery is conducted or the business of a dealer or speculator in livestock or a pet shop, a hawker of poultry or rabbits is being conducted or on which he reasonably suspects animals, poultry, birds or pets are kept or such business is being conducted, at all reasonable times;

(b) inspect such pemises or any vehicle used or reasonably suspected by him to be used for such business and anything thereon or therein; and

(c) question any person on such premises or in such vehicle or who has recently been on such premises or in such vehicle.

*Offences and Penalties*

33.(1) Any person who —

(a) contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws; or

(b) keep animals, birds or poultry or who is the person in control of or who conducts the business of a dealer or speculator in livestock, a pet shop, dog kennels or cattery or a hawker of poultry or rabbits on any premises fails to ensure that all the provisions of these by-laws applicable to such premises or business are complied with;

(c) fails or refuses to give access to premises to the health officer or any officer contemplated in section 32 when requested to give such access;

(d) obstructs or hinders the health officer or other officer in the execution of his duties under these by-laws;

(e) fails or refuses to give information to the health officer or such other officer which is lawfully required, or knowingly furnishes false or misleading information;

(f) fails or refuses to comply with a notice in terms of section 2;

shall, subject to the provisions of subsection (2), be guilty of an offence and shall be liable on conviction to a fine not exceeding R300 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months, or in the case of a continuous offence, subject to the provisions of section 105(1) of the Local Government Ordincance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), to a fine not exceeding R20 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding ten days for every period of 24 hours during which such offence continues.

(2) It shall be competent defence if a person referred to in subsection (1)(b) proves that he did not know of, could in subsection (1)(b) proves that he did not know of, could not reasonably have foreseen and could not have prevented the commission of the offence contemplated in subsection (1).

*Siekte wat aan Diere Toeskryfbaar is*

31. Die siekte van enige persoon wat toegeskryf kan word aan die aanhou van enige dier, pluimvee, voël of troeteldier soos beoog in Hoofstukke VI tot en met IX, moet binne vier en twintig uur na diagnose by die gesondheidsbeampte aangemeld word deur die persoon wat die diagnose gemaak het.

*Inspeksie*

32. Die gesondheidsbeampte en enige ander beampte deur die raad daartoe gemagtig, kan ten einde homself daarvan te gewis dat die bepalings van hierdie verordeninge nagekom word —

(a) enige perseel waarop diere, pluimvee, voëls of troeteldiere aangehou word of waarop honde- of katteherberge gedryf word of die besigheid van 'n handelaar of spekulant in lewende hawe of 'n dierewinkel, 'n smousery van pluimvee of konyne gedryf word, of ten opsigte waarvan hy 'n redelike vermoede het dat diere of troeteldiere aangehou word, of sodanige besigheid gedryf word, te alle redelike tye betree;

(b) sodanige perseel of enige voertuig wat vir sodanige besigheid gebruik word ten opsigte waarvan hy 'n redelike vermoede het dat dit daarvoor gebruik word en enige iets daarop of daarin, inspekteer; en

(c) enige pesoon op sodanige perseel of in sodanige voertuig of wat onlangs op sodanige perseel of in sodanige voertuig was, ondervra.

*Misdrywe en Strawwe*

33.(1) Enige persoon wat —

(a) enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen; of

(b) diere, voëls of pluimvee aanhou of wat die persoon in beheer is van, of wat die besigheid van 'n handelaar of spekulant in lewende hawe, 'n troeteldierwinkel of -salon, honde- of katteherberge of 'n smousery van pluimvee of konyne op enige perseel dryf en wat in gebreke bly om toe te sien dat daar aan die bepalings van hierdie verordeninge wat op sodanige perseel of besigheid van toepassing is, voldoen word;

(c) in gebreke bly of weier om aan die gesondheidsbeampte of enige beampte beoog in artikel 32, toegang tot 'n perseel te verleen wanneer sodanige toegang versoek word;

(d) die gesondheidsbeampte of sodanige ander beampte in die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie verordeninge dwarsboom of belemmer;

(e) in gebreke bly of weier om aan die gesondheidsbeampte of sodanige ander beampte inligting te verstrek wat regtens vereis word of willens en wetens valse of misleidende inligting verstrek;

(f) in gebreke bly om gevolg te gee aan 'n kennisgewing ingevolge artikel 2;

is behoudens die bepalings van subartikel (2), skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, of in die geval van 'n voortdurende oortreding, onderworpe aan die bepalings van artikel 105(1) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), met 'n boete van hoogstens R20 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien dae vir elke tydperk van 24 uur waartydens sodanige oortreding voortduur.

(2) Dit is 'n geldige verweer indien 'n persoon waarna daar in subartikel (1)(b) verwys word, bewys dat hy nie van die pleging van die misdryf wat in subartikel (1) beoog word, geweet het, dit geredelikerwys kon voorsien het of dit kon verhoed het nie.

(4) No person shall refuse to give his correct name and address when requested to do so by any officer of the Council, Police Officer or person duly authorized thereto by the Council.

(5) No person shall take into or have a dog in a park, unless it is on a chain or leash, except in any camping area or recreation resort where no person shall allow any dog, cat or other animal to enter, notwithstanding that it is on a chain or leash.

(6) No person shall brawl, fight or use profane, obscene, indecent or improper language, gamble, beg or behave in an indecent or offensive manner on the recreation resort grounds.

(7) No person shall in any park or recreation resort shoot any birds or animals or trap them in any way whatsoever or destroy or intentionally disturb them.

(8) No persn above the age of 14 years shall use the means of amusement such as swings, round-abouts, see-saws, sliding chutes or any other apparatus provided and established for the use and amusement of children and such use shall be at own risk.

(9) In respect of any park, recreation resort or sports grounds —

(a) the right of admission is reserved by the Council;

(b) the Council reserves the right to close any park or part thereof or to restrict the use thereof to a particular group of people or organisation;

(c) the Council may, by means of a notice at or near the entrance gates, indicate the hours during which any park or enclosed space is closed to the public and may, for any special purpose close any such park or enclosed space or any part thereof, or any building therein to the public for such time as the Council may from time to time regard as necessary or expedient.

*Camping Areas*

3.(1) No person shall in any camping area —

(a) camp without first having obtained a permit from the camping officer and on which is indicated the number of persons who will make use of such area, and such permit shall not be issued until the prescribed charges have been paid;

(b) bring in any fire arms, except for his personal protection;

(c) except in the case of emergency, repair of service any vehicle.

(2) The holder of a permit issued in terms of subsection (1)(a) shall —

(a) take every precaution to prevent the creation of any nuisance prejudicial to public health, and he shall at all times maintain such camping site clean and free from any nuisance and shall not by his act, default or behaviour cause a nuisance;

(b) park his caravan or pitch his tent on a site pointed out by the camping officer and comply with the reasonable instructions of such officer as to the manner of parking his caravan or pitching his tent: Provided that such area shall be used exclusively for the purpose of a camping holiday. The permit holder shall be entitled only to erect a tent on the camping site or to have a caravan thereon for the *bona fide* use of himself and his party;

(4) Niemand mag weier om sy regte naam en adres te verstrek, wanneer hy daartoe versoek word deur enige beampte van die Raad, Polisiebeampte of persoon wat behoorlik deur die Raad daartoe gemagtig is.

(5) Niemand mag 'n hond wat nie aan 'n ketting of koppelriem gelei word nie, in 'n park neem of hê nie, uitgesonderd enige kampterrein of ontspanningsoord, waarin niemand enige hond, kat of ander dier mag inbring of toelaat dat dit daar ingaan nieteenstaande dit aan 'n koppelriem of ketting gelei word nie.

(6) Niemand mag twis of baklei of vloekwoorde of onfatsoenlike, onbetaamlike of onbehoorlike taal gebruik of dobbel, bedel of hom op 'n onfatsoenlike of aanstootlike manier in die ontspanningsoord gedra nie.

(7) Niemand mag in enige park of ontspanningsoord voëls of diere skiet of hulle in lokvalle vang of hulle op enige ander wyse vernietig of opsetlik versteur nie.

(8) Niemand bo die ouderdom van 14 jaar mag die vermaaklikheidsapparaat soos skoppelmaaie, draaimeules, wipplanke, glybane of enige ander apparaat wat voorsien en opgerig is vir die vermaak van kinders gebruik nie, en sulke gebruik geskied op eie risiko.

(9) Ten opsigte van enige park, ontspanningsoord of sportterrein —

(a) word die reg van toegang deur die Raad voorbehou;

(b) behou die Raad hom die reg voor om 'n park of gedeelte daarvan te sluit of die gebruik te beperk tot 'n sekere groep van persone of organisasie;

(c) kan die Raad deur middel van 'n kennisgewing wat by of naby die ingangshekke aangebring is, die ure aandui waartussen enige park of afgekampte ruimte vir die publiek gesluit is en kan vir enige spesiale doeleinde, enige sodanige park of afgekampte ruimte of enige gedeelte daarvan, of enige gebou daarop vir die publiek sluit vir sodanige tyd as wat die Raad van tyd tot tyd noodsaaklik of dienstig ag.

*Kampeergronde*

3.(1) Niemand mag in 'n kampeerterrein —

(a) kampeer voordat hy nie deur die kampbeampte van 'n permit voorsien is waarop die aantal persone wat van sodanige terrein gebruik wil maak, aangetoon is, en sodanige permit word nie uitgereik alvorens die voorgeskrewe gelde, betaal is nie;

(b) vuurwapens inbring, behalwe vir sy persoonlike beskerming nie;

(c) met die uitsondering van 'n noodgeval, enige voertuig herstel of versien nie.

(2) Die houer van 'n permit uitgereik ooreenkomstig subartikel (1)(a) moet —

(a) alle voorsorgmaatreëls tref om te verhoed dat hy deur sy gedrag 'n oorlas veroorsaak wat vir die openbare gesondheid nadelig is, en hy moet te alle tye sodanige kampterrein skoon en sonder oorlas hou en mag nie deur sy handelswyse, versuim of handeling, veroorsaak dat 'n oorlas ontstaan nie;

(b) sy woonwa perkeer of sy tent opslaan op 'n terrein wat deur die kampbeampte aangewys is, en moet voldoen aan die redelike opdragte van sodanige beampte betreffende die wyse waarop die woonwa geparkeer of die tent opgeslaan moet word: Met dien verstande dat sodanige terrein uitsluitlik gebruik moet word vir die doel van 'n uitkampvakansie. Die permithouer is slegs geregtig om 'n tent op te slaan op die kampeerterrein of om 'n woonwa daarop te hê vir die *bona fide* gebruik deur homself en sy geselskap;

(c) ensure that when he or members of his party proceed to or return from any area, make use of designated roads only;

(d) ensure that the site allocated to him is kept in a clean and tidy condition, and shall not deposit any litter, rubbish or refuse, on or outside the camping site, except in such place and in such receptacles as set aside and provided by the Council for that purpose;

(e) voluntarily vacate the site on the expiry or cancellation of his permit, failing which he shall be liable to ejectment without notice;

(f) accept responsibility for the maintenance of good order and decency on the camping site and shall not allow any action on the camping site to interfere with the comfort and convenience of other campers;

(g) acknowledge that in the case of his or any member of his party contravening any provision of these by-laws, the Council shall be entitled to cancel his permit and on which he shall have to leave such site;

(h) when vacating the site allocated to him, leave such site in a clean and tidy condition and shall also fill up and compact any holes made in the ground by him or any member of his party;

(i) ensure that no member of his party or his servant shall wash clothes, clean household untensils, fish, vegetables or the like or prepare food except at such places as set aside for the purpose or as indicated from time to time by the camping officer.

(3) No person shall, not being a member of the permit holder's party, or a guest of a permit holder, loiter in or remain in any camping area;

(4) The Council reserves the right, on sound reasons, to cancel or terminate any agreement for accommodation, in which case —

(a) the Council shall refund a *pro-rata* portion of the charges to the permit holder if the termination is the result of any action by the Council, or

(b) should the termination of the agreement occur as a result of the misconduct of the permit holder or his party or as a result of the cancellation of the agreement by the permit holder, the charges shall be forfeited in favour of the Council.

(5) No person shall without permission lay power-lines from any power-point.

(6) No person shall be entitled to a refund of any charges paid for accommodation in the event of such accommodation not being used for the whole of the period or any part thereof, and no refund of a deposit shall be made in respect of camping areas which are reserved but not used.

(7) Persons swimming in any swimming pool, dam or river —

(a) shall be clothed in proper swimming apparel; and

(b) do so at their own risk.

*Boats*

4.(1) No person shall launch a boat or use or cause or permit it to be placed in the water unless the prescribed charges have been paid.

(2) The Council reserves the right to grant consent to any person who may wish to use a boat on the water so to use it and any consent so granted may at any time be withdrawn by the issue of a notice by an authorized officer of the Council, in the event of any of the provisions of these by-laws not being complied with.

(c) toesien dat wanneer hy of lede van sy geselskap na en van 'n terrein gaan, hulle slegs oor die aangewese roete sal gaan;

(d) toesien dat die terrein aan hom toegewys in 'n skoon en sindelike toestand gehou word en mag geen rommel, vullis of afval op of buite die terrein strooi nie, behalwe op sodanige plekke en in sodanige houers as wat vir dié doel deur die Raad afgesonder en beskikbaar gestel word;

(e) die terrein by verstryking of kansellasie van sy permit vrywilliglik ontruim, by versuim waarvan hy sonder kennisgewing aan uitsetting onderworpe is;

(f) verantwoordelikheid aanvaar vir die handhawing van goeie orde en betaamlikheid op die terrein, en mag nie toelaat dat die gemak en gerief van ander kampeerders op enige wyse deur sy optrede op die terrein versteur word nie;

(g) kennis neem daarvan dat ingeval hy, of enige lid van sy geselskap, 'n oortreding van enige bepaling van hierdie verordeninge begaan, die Raad geregtig is om sy permit te kanselleer waarop hy die terrein moet verlaat;

(h) wanneer hy die terrein aan hom toegeken, ontruim, dit in 'n skoon en netjiese toestand laat, en moet alle gate wat deur hom of sy geselskap in die grond gemaak is, opvul en kompakteer;

(i) toesien dat geen lid van sy geselskap, of sy bediende enige klerasie was, huishoudelike gereedskap, vis, groente of iets dergliks skoonmaak of voedsel voorberei nie, behalwe op sodanige plekke as wat vir die doel afgesonder is of wat deur die kampbeampte van tyd tot tyd aangedui word.

(3) Geen persoon wat nie lid van 'n permithouer se geselskap of 'n gas van 'n permithouer is nie, mag in enige kampeerterrein talm of vertoef nie.

(4) Die Raad behou hom die reg voor om op gegronde redes enige ooreenkoms vir akkomodasie te kanselleer of te beëindig, in welke geval —

(a) die Raad 'n *pro-rata* deel van die gelde aan die permithouer terugbetaal indien die beëindiging as gevolg van enige optrede van die Raad geskied;

(b) indien beëindiging van die ooreenkoms as gevolg van wangedrag van die permithouer of sy geselskap geskied, of as gevolg van kansellasies van die ooreenkoms deur die permithouer, die gelde ten gunste van die Raad verbeur word.

(5) Niemand mag sonder toestemming kragdrade enige kragpunt aanlê nie.

(6) Niemand is geregtig op die terugbetaling van gelde ten opsigte van akkommodaise betaal is, indien sodanige akkommodasie òf vir die geheel van die tydperk òf 'n gedeelte daarvan nie gebruik word nie, en geen terugbetaling van deposito's geskied ten opsigte van kampeerterreine wat bespreek, maar nie gebruik is nie.

(7) Persone wat in enige swembad, dam of rivier swem —

(a) moet in behoorlike swemklere gekleed wees, en

(b) doen dit op eie risiko.

*Bote*

4.(1) Niemand mag 'n boot te water laat of gebruik of veroorsaak of toelaat dat dit op die water geplaas of gebruik word nie tensy die voorgeskrewe gelde betaal is.

(2) Die Raad behou hom die reg voor om toestemming te verleen aan enige persoon wat 'n boot op die water wil gebruik om dit aldus te gebruik en enige toestemming wat aldus verleen is, kan te enigertyd ingetrek word deur 'n kennisgewing uitgereik deur 'n gemagtigde beampte van die Raad, indien enige bepaling van hierdie verordeninge nie nagekom word nie.

(3) Whenever consent in terms of subsection (2) is withdrawn, no charges paid in terms of subsection (1) shall be refunded.

(4) No private boat shall ply for hire or be hired out on the water without the written consent of the Council first had and obtained.

(5) An authorized officer of the Council shall at any time have the right to examine, inspect or enter any boat, and should he be of the opinion that such boat is unsafe, he shall have the right to forbid the use thereof, until such time as it has been restored to good order or has been to his satisfaction made safe.

(6) The steersman of every power-driven boat shall at all times keep a proper look-out for other boats and for persons in the water, and shall also be responsible for the behaviour of all persons on board such boat.

(7) No person under the age of 16 years shall be permitted to drive or be in control of any power-driven boat.

(8) No person in charge of a boat or having supervision thereof, or being a passenger thereof shall use such boat in a negligent or careless manner or, due to his carelessness or bad conduct, injure or endanger anyone or damage any property.

(9) No person shall board or leave or moor a boat at any place except at a mooring place erected for that purpose and power-driven boats may be launched only from such places as determined by the Council and shall be used only on such portions of the water surface as determined by the Council.

(10) No person shall without the written permission of an authorized officer of the Council use any power-driven boat after sunset or before sunrise on the water and when such permission is granted, the boat shall be provided with at least a white lamp on the stern and a single green and red lamp on the bow, so lighted and placed as to exhibit a bright light which can be continuously seen from the bank.

(11) No person who is under the influence of intoxicating liquor or narcotic drugs shall board, be or remain on a boat and no person in control of a boat shall allow any such person to board, be or remain thereon.

(12) The person in control of any boat shall take care that every person using such boat is wearing a life-jacket.

(13) The person in control of a boat shall, when overtaking another boat, overtake such boat on its right-hand side and shall do so at a safe distance.

(14) The steersman of a power-driven boat shall give way to any other boats and shall give the prescribed hand signals indicating his intentions.

(15) Whenever a power-driven boat leaves the mooring place, it shall give preference to any incoming boat with or without skiers.

(16) If a person is picked up out of the water, the engine of a power-driven boat shall be switched off during the picking-up operation.

(17) No person shall steer a power-driven boat in such a manner that it follows a skier in front of him.

(18) The steersman of a power-driven boat shall, after a skier has finished skiing, steer the boat to a safe place, switch off the engine and draw in the ski-rope.

(3) Wanneer toestemming ingevolge subartikel (2) ingetrek word, word geen gelde wat ingevolge subartikel (1) betaal is, terugbetaal nie.

(4) Geen private boot mag teen vergoeding te huur aangebied of verhuur word nie sonder die skriftelike voorafverkreë toestemming van die Raad.

(5) 'n Gemagtigde beampte van die Raad, het te eniger tyd die reg om enige boot te ondersoek, te inspekteer of te betree en indien sodanige boot na die mening van die beampte onveilig is, het hy die reg om te verbied dat die boot gebruik word alvorens dit in goeie orde gebring is of tot sy tevredenheid veilig gemaak is.

(6) Die stuurman van elke kragaangedrewe boot moet te alle tye 'n behoorlike uitkyk hou vir ander bote en vir persone wat in die water is, en is ook verantwoordelik vir die gedrag van alle persone aan boord van die boot.

(7) Niemand onder die ouderdom van 16 jaar word toegelaat om enige kragaangedrewe boot te bestuur of om in beheer daarvan te wees nie.

(8) Niemand onder wie se sorg 'n boot is of wat toesig daaroor hou of wat 'n passasier daarvan is mag sodanige boot op 'n nalatige of sorgelose wyse gebruik of weens sy nalatigheid of wangedrag enigiemand beseer, in gevaar stel of enige eiendom beskadig nie.

(9) Niemand mag aan boord van enige boot gaan of dit verlaat of dit by enige plek vasmeer nie, behalwe by 'n aanlêplek wat vir dié doel aangebring is en kragaangedrewe bote kan slegs te water gelaat word op sodanige plekke deur die Raad bepaal en is slegs geregtig om sodanige gedeeltes van die wateroppervlakte te gebruik as wat deur die Raad voorgeskryf word.

(10) Niemand mag, sonder die skriftelike goedkeuring van 'n gemagtigde beampte van die Raad 'n kragaangedrewe boot na sononder of voor sonop op die water gebruik nie en wanneer dit wel met die nodige goedkeuring geskied, moet die boot voorsien wees van ten minste 'n wit lig op die agterstewe en 'n enkele groen en rooilig op die boeg, wat beide so 'n lig afgee en so geplaas is dat dit 'n helder lig vertoon wat voortdurend van die oewer af gesien kan word.

(11) Niemand wat onder die invloed van bedwelmende drank of narkotiese middels is, mag in 'n boot op die water gaan, bly of wees nie, en niemand wat beheer oor 'n boot het, mag sodanige persoon toelaat om in sodanige boot te gaan, te bly, of te wees nie.

(12) Die persoon in beheer van enige boot moet toesien dat lewensbaadjies deur alle persone wat van sodanige boot gebruik maak gedra word.

(13) Die persoon in beheer van 'n boot moet, wanneer hy 'n ander boot verbygaan, aan sodanige boot se regterkant verbygaan, en dit op 'n veilige afstand doen.

(14) Die stuurman van 'n kragaangedrewe boot moet voorkeur verleen aan ander bote en moet ook die voorgeskrewe handseine gee ter aanduiding van sy voornemens.

(15) Wanneer 'n kragaangedrewe boot 'n aanlêplek verlaat, moet hy voorkeur verleen aan enige inkomende boot met of sonder skiërs.

(16) Indien 'n persoon uit die water opgepik word, moet die enjin van 'n kragaangedrewe boot gedurende dié tydperk afgeskakel word.

(17) Niemand mag 'n kragaangedrewe boot so stuur dat sodanige boot 'n skiër voor hom volg nie.

(18) Nadat 'n skiër geski het, moet die stuurman van die kragaangedrewe boot, sodanige boot na 'n veilige plek stuur, die enjin afskakel, en die skitou trek.

(19) No person shall jump from a power-driven boat while such boat is in motion.

(20) If a ski is thrown from a power-driven boat, it shall be done as near as possible to the quay.

*Sports Grounds*

5.(1) The times prescribed for the use of the different sports tracks, halls or fields shall strictly be adhered to.

(2) Should it be desired to make use of the tracks, halls or fields outside the hours and days agreed upon, written permission has to be obtained from the Chief: Parks and Recreation at least three days after prior to the day agreed upon.

(3) All halls, tracks or fields shall be vacated by 24h00 each day and may again be used from 06h00.

(4) No person shall on Good Friday, Day of the Covenant, Ascension Day or Christmas Day make use of any facilities on any sports grounds under the control of the Council for the purposes of sport.

*General*

6.(1) The Council reserves the right to set terms and conditions from time to time under which persons may be allowed to make use of any facilities or any part thereof provided by the Council for the use of the public.

(2) The Council reserves the right on special occasions to grant admission to the river park and dam grounds, enclosure or demarcated area, whether on the land or in the water.

(3) When it grants admission in terms of subsection (1), the Council may fix special charges for the use of any grounds or buildings or may lease its rights to the said amenities to any person or body for a prescribed period on such terms and conditions as may be decided by the Council by resolution. Whenever such special charges are fixed or a portion of a terrain is leased, no person may enter such terrain or the structures thereon before paying the prescribed charge.

(4) Angling shall be subject to the provisions of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 17 of 1967).

(5) No person shall angle in any area which may from time to time be set aside by the Council by resolution as an area where fish shall not be caught.

(6) No angler shall be entitled to put any marker in the water and shall not row fishing-lines in with a boat or with a baitboat, except in the demarcated area for anglers.

(7) No person shall angle with more than two fishing-rods.

(8) The Council shall not be responsible for any damage, loss or theft to a camper's movable property or for death, injury or sickness of anyone or for any claim arising from the abovementioned.

*Penalty Clause*

7.(1) Any person contravening any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R300 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months or with both such fine and such imprisonment.

*Repeal of By-laws*

8. The By-laws for the Regulation of Parks and Gardens of

(19) Niemand mag van 'n kragaangedrewe boot wat in beweging is, spring nie.

(20) Indien 'n ski vanuit 'n kragaangedrewe boot gegooi word, moet dit so na moontlik aan die wal gedoen word.

*Sportgronde*

5.(1) Die voorgeskrewe tyd vir die gebruik van die verskillende sportbane, lokale of -velde moet streng nagekom word.

(2) Indien daar buite die ooreengekome tye en dae van bane, lokale of velde gebruik gemaak wil word, moet die skriftelike goedkeuring daarvoor drie (3) dae voor die bepaalde dag, van die Hoof Parke en Ontspanning verkry word.

(3) Alle lokale, bane of velde moet elke dag om 24h00 ontruim wees, en kan dit weer vanaf 06h00 gebruik word.

(4) Niemand mag op Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag en Kersdag van enige fasiliteite op enige sportterrein onder beheer van die Raad, vir sportdoeleindes gebruik maak nie.

*Algemeen*

6.(1) Die Raad behou hom die reg voor om van tyd tot tyd die bepalings en voorwaardes voor te skryf waarkragtens persone toegelaat kan word om gebruik te maak van enige geriewe, of enige gedeelte daarvan, wat deur die Raad daargestel word vir die gebruik van die publiek.

(2) Die Raad behou hom die reg voor om by spesiale geleenthede toegang tot die rivierpark en damterrein, omheinde of afgemerkte gebied, hetsy op land of op die water, te vergun.

(3) Wanneer hy 'n vergunning ingevolge subartikel (1) verleen, kan die Raad spesiale gelde vasstel vir die gebruik van enige grond of gebou of kan sy reg van gebruik van sodanige geriewe aan enige persoon of liggaam vir 'n vasgestelde tydperk verhuur op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die Raad by besluit bepaal. Wanneer sodanige spesiale gelde vasgestel word, of 'n gedeelte van die terrein verhuur word, mag niemand sodanige terrein of die strukture daarop binnegaan alvorens hy die vasgestelde gelde betaal het nie.

(4) Die vang van enige vis is onderworpe aan die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1967 (Ordonnansie 17 van 1967).

(5) Niemand mag in enige gebied, wat van tyd tot tyd deur die Raad by besluit tot 'n gebied verklaar word waar visvang verbode is, hengel nie.

(6) 'n Hengelaar is nie geregtig om enige merker in die water te plaas nie, of om sy vislyne met 'n boot in te roei nie, of met 'n aasboot in te neem nie, behalwe in die afgebakende gebied vir hengelaars.

(7) Niemand word toegelaat om met meer as twee visstokke te hengel nie.

(8) Die Raad is op geen wyse hoegenaamd aanspreeklik vir skade, verlies of diefstal aan 'n kampeerder se roerende eiendom nie of vir dood, besering of siekte van enigiemand, of vir enige eis voortspruitend uit voorafgaande nie.

*Strafbepalings*

7.(1) Iemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

*Herroeping van Verordeninge*

8. Die Verordeninge vir die Regulering van Parke en

the Standerton Municipality, published under Administrator's Notice 342, dated 16 May 1962, as amended, are hereby repealed.

PB 2-4-2-69-33

Tuine van die Munisipaliteit Standerton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 342 van 16 Mei 1962, soos gewysig, word hierby herroep.

PB 2-4-2-69-33

Administrator's Notice 45 14 January 1987

## TZANEEN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Street and Miscellaneous By-laws of the Tzaneen Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 162, dated 9 February 1977, as amended, are hereby further amended by the insertion after section 7(2) of the following:

*"Grocery Trolleys*

7A(1) No person who is the owner of any grocery trolley or who controls or has the supervision over such grocery trolley or who offers it to be used by any person or who uses it for any purpose whatever, shall leave or abandon it or permit that it is left or abandoned in any street or public place, except a public place which is not owned by or vested in the Council.

(2) Any grocery trolley which has been left or abandoned in any street or in any such public place may be removed, or caused to be removed, by any authorised officer of the Council and be placed under the care of the Chief: Traffic.

(3) The Chief: Traffic shall store any grocery trolley which has been placed under his care in terms of subsection (2) and the Council shall publish as soon as possible thereafter a notice in a newspaper as contemplated by section 91 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1983, wherein it is stated —

(a) that any such grocery trolley may be claimed by the owner on payment of the prescribed storage charge;

(b) that any grocery trolley which has not been claimed after a period of three months from the date of publication of the said notice shall be sold by the Council by public auction; and

(c) that the proceeds of the public auction shall be revenue in favour of the Council.

(4) The Council shall not be liable as a result of theft, damage to or loss of any grocery trolley, or the selling thereof by public auction, and the owner of any grocery trolley shall have no claim or right of redress against the Council should such grocery trolley be handed over unintentionally to any person other than the owner thereof after payment of the prescribed storage charge.

(5) For the purpose of this section —

'grocery trolley' means any push trolley or push cart which is placed at the disposal of the public as buyers by any business undertaking or shop, and which is used by the public to convey their purchases.

*Storage Charge*

7B The storage charge for a grocery trolley as contemplated in section 7A(4), shall be R10 for any period of three months or part thereof.".

PB 2-4-2-80-71

Administrateurskennisgewing 45 14 Januarie 1987

## MUNISIPALITEIT TZANEEN: WYSIGING VAN STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Straat- en Diverse Verordeninge van die Munisipaliteit Tzaneen, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 162 van 9 Februarie 1977, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na artikel 7(2) die volgende in te voeg:

*"Kruideniers waentjies*

7A(1) Niemand wat die eienaar van enige kruidenierswaentjie is of wat daaroor beheer of toesig het of wat dit aan enige persoon aanbied ter gebruik of wat dit gebruik vir enige doel wat ook al, mag dit in enige straat of publieke plek, behalwe 'n publieke plek wat nie aan die Raad behoort of by die Raad berus nie, laat of los of toelaat dat dit aldus gelaat of gelos word nie.

(2) Enige kruidenierswaentjie wat in 'n straat of sodanige publieke plek gelaat of gelos is, kan deur enige gemagtigde beampte van die Raad verwyder of laat verwyder word en in die sorg van die Hoof: Verkeer geplaas word.

(3) Die Hoof: Verkeer berg enige kruidenierswaentjie wat ingevolge subartikel (2) in sy sorg geplaas word en die Raad publiseer so spoedig doenlik na ontvangs van sodanige kruidenierswaentjie 'n kennisgewing in 'n nuusblad soos beoog in artikel 91 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983, waarin vermeld word —

(a) dat enige sodanige kruidenierswaentjie teen betaling van die voorgeskrewe bergingsgeld deur die eienaar daarvan opgeëis kan word;

(b) dat enige kruidenierswaentjie wat na verloop van 'n tydperk van drie maande na die datum van publikasie van die kennisgewing nog nie opgeëis is nie, deur die Raad per openbare veiling verkoop sal word; en

(c) dat die opbrengs van die openbare veiling, inkomste ten gunste van die Raad sal wees.

(4) Die Raad is nie aanspreeklik vir diefstal, beskadiging of die verlies van enige kruidenierswaentjie of die verkoop daarvan per publieke veiling nie en indien enige kruidenierswaentjie na betaling van die voorgeskrewe bergingsgeld, sonder opset aan enige persoon anders as die eienaar daarvan, gelewer word, het die eienaar van sodanige kruidenierswaentjie geen eis of verhaalreg teen die Raad nie.

(5) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken —

'kruidenierswaentjie' enige stootwaentjie of stootkarretjie wat aan die publiek as kopers beskikbaar gestel word deur enige sake-instansie of winkel en wat deur die publiek aangewend word om aankope in te vervoer.

*Bergingsgeld*

7B Die bergingsgeld vir 'n kruidenierswaentjie soos beoog in subartikel 7A(4) is R10 vir enige tydperk van drie maande of gedeelte daarvan.".

PB 2-4-2-80-71

Administrator's Notice 46 14 January 1987

VANDERBIJLPARK MUNICIPALITY: AMENDMENT TO LIBRARY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Library By-laws of the Vanderbijlpark Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 837, dated 26 October 1966, as amended are hereby further amended as follows:

1. By the deletion in section 1 for the definition of "committee".

2. By the deletion of section 2.

3. By the substitution for subsection (2) of section 3 of the following:

"(2) The council may grant library membership to a person temporary residing within the municipality or to a person residing outside the municipality on conditions determined by it.".

4. By the substitution in section 3(5)(a) for the expression "which shall not exceed twenty cents" of the following:

"in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939.".

5. By the substitution in section 6 for the expression "of return such book" ten cents for every week or portion thereof during which such member fails to of the following:

"determined by the council in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939."

6. By the deletion of section 7(1) of the words "the purchase price thereof or".

7. By the substitution in section 12(2)(e) for the expression "of 10c per week or part of a week during which such member fails to return such record" of the following:

"as determined by the council in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939.".

8. By the substitution in section 13(2)(e) for the expression "of 10c per week or part of a week during which such member fails to return such art print." of the following:

"as determined by the council in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939.".

The provisions in this notice contained, shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

PB 2-4-2-55-34

Administrateurskennisgewing 46 14 Januarie 1987

VANDERBIJLPARK MUNISIPALITEIT: WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Biblioteekverordeninge van die Munisipaliteit Vanderbijlpark, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 837 van 26 Oktober 1966, soos gewysig word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 1 die woordomskrywing van "komitee" te skrap.

2. Deur artikel 2 te skrap.

3. Deur subartikel (2) van artikel 3 deur die volgende te vervang:

"(2) Die raad kan lidmaatskap van die biblioteek aan 'n persoon tydelik woonagtig binne die munisipaliteit of aan 'n persoon woonagtig buite die munisipaliteit verleen op voorwaardes deur die raad bepaal.".

4. Deur in artikel 3(5)(a) die woorde "wat nie meer as twintig sent is nie" deur die volgende te vervang:

"ingevolge die bepalings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.".

5. Deur in artikel 6 die uitdrukking "van tien sent vir elke week of gedeelte daarvan wat so 'n lid versuim om so 'n boek terug te besorg" deur die volgende te vervang:

"soos deur die raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel"

6. Deur in artikel 7(1) die woorde "die aankoopprys daarvan of" te skrap.

7. Deur in artikel 12(2)(e) die uitdrukking "van 10c betaal vir elke week of gedeelte van 'n week wat so 'n lid versuim om die plaat terug te besorg" deur die volgende te vervang:

"soos deur die raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel, betaal".

8. Deur in artikel 13(2)(e) die uitdrukking "van 10c betaal vir elke week of gedeelte van 'n week wat so 'n lid versuim om die afdruk terug te besorg." deur die volgende te vervang:

"soos deur die raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel, betaal." te vervang.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan, in werking.

PB 2-4-2-55-34

Administrator's Notice 47 14 January 1987

VENTERSDORP MUNICIPALITY: BY-LAWS RELATING TO DOGS

The Administrator hereby, in terms of section 101(B) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

*Definitions*

1. For the purpose of these by-laws, unless the content otherwise indicates —

"authorised officer" means a police officer or

Administrateurskennisgewing 47 14 Januarie 1987

MUNISIPALITEIT VENTERSDORP: VERORDENINGE BETREFFENDE HONDE

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

*Woordomskrywing*

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

"hond" 'n reun sowel as 'n teef;

constable or any Licence Inspector of the Council or any person appointed to issue a licence under these by-laws;

"calendar year" means a period from 1 January to 31 December of the same year;

"Council" means the Town Council of Ventersdorp, the Council's Management Committee, acting under the powers delegated to it in terms of the provisions of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, and any officer to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of the provisions of subsection (3) of the said section to delegate and has in fact delegated the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

"dog" means both a male or female dog;

"kennel" means any premises used or intended to be used for the boarding of dogs, or premises where dogs in excess of three in number may be kept for veterinary treatment;

"urban" means an erf in a proclaimed township within the Municipal boundries of Ventersdorp.

*Tax to be Paid*

2. No person within the municipality shall keep a dog which is six months or older, unless such dog is registered at the municipal offices and in the manner hereinafter provided, a tax receipt in respect of each such dog has been obtained.

*Person Responsible for Tax*

3. For the purposes of these by-laws any person in whose custody, charge or possession, or within whose house or premises any dog shall be found or seen, shall be deemed to be the person keeping such dog, until he shall have proved the contrary.

*Application Form and Tax*

4.(1) Every applicant for a dog tax receipt shall furnish his name and address.

(2) Any applicant in terms of subsection (1) shall, in respect of each dog aged six months or over, pay the tax as prescribed in the Schedule hereto.

(3) The tax shall be an annual tax and shall be payable before 31 January of each year, except in the case of a first payment.

*Tax Receipt*

5.(1) Every applicant who has satisfied the requirements of section 4, shall receive a tax receipt which shall be signed by a duly authorized officer of the Council.

(2) Every tax receipt shall lapse at 24h00 on 31 December following the date of issue.

*Duplicate of Tax Receipts*

6. Any person may, upon satisfying the authorised officer of such loss, obtain a duplicate of a tax receipt issued to him upon payment of the fees in the Schedule hereto.

*Transfer of Tax Receipt*

7. Any tax receipt may be transferred by the holder thereof to another person should there be a change of ownership of the dog concerned, subject to the following conditions:

(a) The person desiring such transfer shall apply to the Council and produce the tax receipt or duplicate thereof in respect of the said dog, duly endorsed by the transferer to the effect that the dog has been disposed of, stating the name and address of the new owner, and signed by the transferee.

"bevoegde beampte" 'n polisiebeampte of konstabel, of lisensiebeampte van die Raad, of enigiemand ingevolge hierdie verordeninge aangestel om 'n lisensie uit te reik;

"hondehuis" enige plek wat vir die versorging van honde gebruik word of daarvoor bedoel is, of 'n plek waar meer as drie honde vir veeartsenykundige behandeling aangebou word;

"kalenderjaar" 'n tydperk van 1 Januarie tot 31 Desember van dieselfde jaar;

"Raad" die Stadsraad van Ventersdorp, dié Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beampte aan wie dié Komitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel op gesag van die Raad, die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan delegeer, en dit inderdaad gedelegeer het;

"stedelik" 'n erf wat in 'n geproklameerde dorp binne die munisipale grense van Ventersdorp is.

*Belastingpligtigheid*

2. Niemand mag binne die Munisipaliteit 'n hond, wat ses maande oud of ouer is aanhou nie, tensy sodanige hond by die munisipale kantoor geregistreer en, op die wyse hierna bepaal, 'n belastingkwitansie vir elke sodanige hond verkry is nie.

*Persoon vir Belasting Aanspreeklik*

3. Vir die doeleindes van hierdie verordeninge word die persoon onder wie se sorg of toesig, of in wie se besit, of binne wie se huis of perseel 'n hond gevind of gesien word, geag die hond aan te hou, tensy hy die teendeel bewys.

*Aansoekvorm en Belasting*

4.(1) Elkeen wat om 'n hondebelastingkwitansie aansoek doen, verstrek sy naam en adres.

(2) Iemand wat ingevolge subartikel (1) aansoek doen, betaal ten opsigte van elke hond, ses maande oud of ouer, belasting soos in die Bylae hierby voorgeskryf.

(3) Die belasting is 'n jaarlikse belasting en is elke jaar voor 31 Januarie betaalbaar behoudens in die geval van 'n eerste betaling.

*Belastingkwitansie*

5.(1) Elke applikant wat aan die vereistes van artikel 4 voldoen het, ontvang 'n belastingkwitansie wat deur 'n gemagtigde beampte van die Raad onderteken moet wees.

(2) Elke belastingkwitansie verval om 24h00 op 31 Desember wat volg op die uitreikingsdatum.

*Duplikaatbelastingkwitansie*

6. Enigiemand kan indien hy die gemagtigde beampte van sodanige verlies oortuig, 'n duplikaat van 'n belastingkwitansie aan hom uitgereik verkry, by betaling van die gelde in die Bylae hierby voorgeskryf.

*Oordrag van Belastingkwitansie*

7. Enige belastingkwitansie kan deur die houer daarvan aan 'n ander persoon oorgedra word indien die betrokke hond van eienaar verwissel, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Die persoon wat sodanige oordrag verlang, doen by die Raad aansoek en toon die kwitansie of duplikaat daarvan ten opsigte van die betrokke hond, deur die oordraer geëndosseer dat die hond van die hand gesit is, met 'n vermelding van die naam en adres van die nuwe eienaar en onderteken deur die oordragnemer.

(b) The transferee shall pay to the Council the fees prescribed in the Schedule hereto.

(c) The authorized officer shall, on compliance of the above requirements, endorse the name and address of the new owner upon the tax receipt:

Provided that nothing contained in this section shall be deemed to authorize the transfer of a tax receipt in respect of any dog other than the dog in respect of which such tax was originally paid.

*Exemption for Dogs, Belonging to Visitors and Blind Persons or Dogs Undergoing Treatment*

8. The following person shall be exempt from the provisions of section 2 and 4:

(a) Any person residing outside the municipality, who brings any dog with him into the municipality for a temporary visit for a period not exceeding 30 days from the date of his arrival within the municipality;

(b) any blind person using any dog solely as a guidedog;

(c) any person residing outside the municipality, who leaves any dog at any place, within the municipality for treatment or boarding at a veterinary surgeon or a recognised kennel or dog boarding establishment:

Provided that any dog referred to in paragraphs (a) and (c) shall be removed from the municipality immediately after such treatment, boarding or temporary visit is completed: Provided further that the owner of such dog shall be in possession of a licence issued by the authority within whose jurisdiction such dog is normally kept.

*Tax Receipt to be Produced for Inspection*

9. Any person who has paid the tax shall produce the tax receipt for inspection to any authorized officer of the Council when reasonably required of him.

*Dog's Collar not to be Unlawfully used or Removed*

10. No person shall unlawfully use, destroy or remove any collar from a dog.

*Dog Kennels*

11. No person shall establish, maintain or carry on a business of dog kennels in a residential area or an area zoned as a "General Residential" or "Special Residential" area under an approved or draft town-planning scheme or within 500 m of such area.

*Diseased Dogs*

12. No person shall permit any dog which is dangerous or is vicious or suffering from any contagious or infectious disease or any bitch on heat to be at large.

*Barking or Howling Dogs*

13. Any person keeping a dog which creates a disturbance or a nuisance by constant or excessive barking, howling or whining shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalty prescribed in section 18.

*Dogs at Large*

14. Any person who permits or allows a dog to be at large without the dog being under proper care and supervision shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalty prescribed in section 18.

*Dogs not to be Urged to Attack*

15. No person shall, without reasonable cause —

(b) Die oordragnemer betaal aan die Raad die oordraggelde in die Bylae hierby voorgeskryf.

(c) Wanneer aan voorgaande vereistes voldoen is, endosseer die gemagtigde beampte die naam en adres van die nuwe eienaar op die belastingkwitansie:

Met dien verstande dat geen bepaling in hierdie artikel verval, geag word as 'n magtiging tot oordrag van 'n belastingkwitansie ten opsigte van enige ander hond as die hond ten opsigte waarvan sodanige belasting oorspronklik betaal is.

*Vrystelling vir Honde wat aan Besoekers of Blindes behoort of Honde wat Behandeling ondergaan*

8. Die volgende persone word van die bepalings van artikels 2 en 4 vrygestel:

(a) Enigiemand buite die munisipaliteit woonagtig wat 'n hond binne die munisipaliteit inbring vir 'n tydelike besoek vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae van die datum van aankoms binne die munisipaliteit;

(b) 'n blinde wat enige hond uitsluitlik as 'n gidshond gebruik;

